

DIE NYWERHEIDSOPLEIDING VAN VAKLEERLINGE EN  
HULLE RELATIEWE INVLOED OP DIE BESETTING  
VAN DIE ARBEIDSMARK OOR DIE AFGELOPE TIEN  
JAAR, MET INBEGRIIP VAN DIE TOEPASLIKE  
ASPEKTE OP DIE GRENSGEBIED.

oooo0000oooo

Verhandeling voorgelê ter vervulling aan die  
vereistes vir die Graad M.Com. van die  
Universiteit van Rhodes

deur

David Petrus de Beer

## INHOUDSOPGAWE

	<u>Bladsy</u>
<u>Hoofstuk 1.</u>	
a. Doel van hierdie ondersoek	1
b. Omvang van hierdie ondersoek	1
c. Definisies en omskrywings	2
 <u>Hoofstuk 2.</u>	
<u>Die betekenis van die Vakleerling en sy inskakeling in die arbeidspatroom.</u>	
a. Ontleding van die arbeidsmark volgens beroepe	6
b. Vakleerlingskap en die Vakleerling	8
c. Inskakeling van die Vakleerling in die arbeidspatroom	11
 <u>Hoofstuk 3.</u>	
<u>Die Teoretiese- en praktiese indiensopleiding en die besetting van die arbeidsmark deur die Vakleerling.</u>	
a. Teoretiese-opleiding en fasiliteite	15
b. Praktiese indiensopleiding-evaluering en doeltreffendheid	20
c. Besetting van die arbeidsmark	26
 <u>Hoofstuk 4.</u>	
<u>Die aanvraag en aanbod van vakleerlinge in die verskillende rigtings en op verskillende vlakke</u>	
a. Analise van die vraag en aanbod van vakleerlinge in die verskillende rigtings	30
b. Analise van vakleerlinge volgens opvoedkundige kwalifikasies	34
c. n Ekonomiese analise vir die vraag na vakleerlinge in die Grensgebied	36

Hoofstuk 5.

Inskrywings, suksesse en plasings van vakleerlinge oor die afgelope tien jaar.

a.	Analise van Vakleerlingskapkontrakte	40
b.	Analise van eksamenuitslae en ambagstoetse van vakleerlinge	44
c.	Plasings en bevorderings	49

Hoofstuk 6.

Tendense en neigings in die arbeidsmark oor die afgelope tien jaar.

a.	Beleidsveranderinge met betrekking tot vakleerlinge	51
b.	Veranderde loon-strukture	52
c.	Effek van die beleidsveranderinge en die loonstrukture op die vraag en aanbod van vakleerlinge	54
d.	Rasse-samestelling in die opleidingsektor	56

Hoofstuk 7.

n	Toekomsblik	62
	Bevindinge en Gevolgtrekkings	65

<u>Bylaes.</u>	68
----------------	----

<u>Aanhangsel No. 1.</u>	94
--------------------------	----

<u>Aanhangsel No. 2.</u>	117
--------------------------	-----

<u>Aanhangsel No. 3.</u>	129
--------------------------	-----

## HOOFSTUK 1

### a. Doel van hierdie ondersoek.

In hierdie verhandeling sal die nywerheidsopleiding van die Vakleerling ondersoek word. Dit sal beide die teoretiese sowel as die praktiese opleiding dek asook die verskil in opleiding in die verskillende vertakkinge van die nywerheidslewe.

Die vakleerling verskyn ook as 'n arbeidsgroep op die arbeidsmark waarmee daar deeglik rekening gehou moet word. Nou sal gepoog word om vas te stel watter invloed die vakleerling as 'n arbeidsgroep op die arbeidsmark het. Dit sal verskil van een soort onderneming tot 'n ander, na gelang van die spesifieke aard van sy werkverrigtinge, die produksie of die diens wat hy lewer. Daarom sal dit 'n veranderlike invloed in die verskillende rigtings op die arbeidsmark toon, wat op sy beurt weer beïnvloed sal word deur die vraag na en die aanbod van vakleerlinge.

Met die verskyning van die vakleerling op die arbeidstoneel, verander dit die stelsel van indiensneming, asook die verhouding van die arbeidsgroepe, veral waar die vakleerling die gebied betree waar daar 'n behoefte bestaan vir gespesialiseerde kennis of vaardigheid.

Daar sal bepaal word tot watter mate die verskillende ondernemings of bedrywe, personeel benodig met 'n tegniese of gespesialiseerde kennis en waar sekere vaardigheid vereis word, veral in die vervaardigingsbedrywe wat op produksie ingestel is, asook sekere diens-bedrywe soos in die ingenieurs-rigtings waar tegniese kennis en doeltreffende vaardigheid noodsaaklik is.

Die vakleerling vervul in hierdie behoefte in die besetting van die arbeidsmark, waar hy nadat hy sy opleiding voltooi het en sy vakoets geslaag het, hy dan oorbeweeg na die geleedere van die geskoolde ambagsman.

Daar sal ook gepoog word om vas te stel watter tendense en neigings daar in die nywerheidsopleiding van vakleerlinge oor die afgelope tien jaar plaasgevind het. Was daar enige veranderinge in die vakleerlingskapkontrak, veranderinge in opleiding, tydperke, vergoeding, toelatingsvereistes ens. wat 'n merkbare invloed op die vraag na en die aanbod van vakleerlinge gehad het?

Ten slotte sal daar gepoog word om aan die hand van gegewens en inligting, enige riglyne vas te stel of gevolgtrekkings te maak, wat kan help om te bepaal of daar enige behoeftes of knelpunte bestaan, en hoe dit moontlik verlig of georganiseer kan word sodat die opleiding van vakleerlinge vir die arbeidsmark optimaal aangewend kan word.

### b. Omvang van hierdie ondersoek.

Hierdie ondersoek strek oor die vakleerling en sy vakleerlingskap, en



die plek wat die vakleerling as 'n arbeidsgroep op die arbeidsmark inneem. Verder word die teoretiese sowel as die praktiese opleiding van die vakleerling ondersoek en 'n ontleding gemaak van die vaktotse wat oor die afgelope tien jaar afgelê is en watter persentasie van hulle in hulle vaktotse geslaag of gedruip het.

In die teoretiese opleiding sal 'n analise gemaak word van hulle eksamenuitslae en die standaard of peil van opleiding wat behaal is gedurende die tydperk van vakleerlingskap en of daar enige invloed hiervan bespeur kan word by plasings en bevorderings.

Die vraag na en aanbod van vakleerlinge sal vasgestel word in die verskillende ambagsrigtings in die nywerheid, en die invloed wat die standaard of peil van opleiding daarop het.

Oor die afgelope tien jaar was daar sekere beleidsveranderinge wat plaasgevind het asook veranderinge in die loonstruktuur van vakleerlinge. Hier sal gepoog word om vas te stel watter effek dit op die vakleerling gehad het en hoe hierdie tendense en neigings hulle beïnvloed het en of dit weerspieël word in die aanbod van die vakleerling op die arbeidsmark.

Met die werksafbakening en werkreservering sal ook die rasse-samestelling van die vakleerlingsektor ondersoek word, en probeer word om vas te stel waarom daar in sekere rigtings of ambagte 'n afname is van die een ras teenoor 'n toename van 'n ander ras, of 'n afname of toename as 'n geheel.

### c. Definisies en Omskrywings.

#### Die Vakleerling.

Dit is enig iemand wat in diens is kragtens 'n leerlingskontrak en behoorlik geregistreer is.

#### Vakleerlingskap.

Dit is daardie tydperk van opleiding waar 'n ambag of beroep geleer word by 'n werk onder die toesig van opgeleide vakmanne, volgens die vereistes gestel deur die werkgewers wat die arbeid in daardie ambag of beroep organiseer.

Die opleiding word so beplan vir jong werkers wat opgelei kan word om in die aanvraag te voorsien van hooggeskoolde werkers in 'n sekere beroep of ambag, en uit wie se geledere die vakman en die tegnikus kan kom.

Vakleerlingskap word nie vereis of is nie geskik vir beroepe waar 'n voldoende graad van vaardigheid daarin, gou en maklik behaal kan word nie, maar aan die anderkant juis vir daardie beroepe waar 'n lang en intensiewe periode van opleiding nodig is om die ambag of die beroep behoorlik te kan bemeester.

Wet op Vakleerlinge.

Wanneer hierna verwys word het dit betrekking op - Die Wet op Vakleerlinge, Wet No. 37 van 1944, soos gewysig by Wette Nos. 28 van 1951, 29 van 1959 en 46 van 1963, om die opleiding en diens van vakleerlinge en minderjariges in sekere bedrywe te reël en om vir daarmee in verband staande aangeleenthede voorsiening te maak.

Departement van Arbeid.

Die Departement van Arbeid is verantwoordelik vir die toepassing van die Wet op Vakleerlinge No. 37 van 1944, soos gewysig. Vir hierdie departement is die Republiek in nege gebiede ingedeel. Elkeen van hierdie gebiede, wat as 'n inspektoraat bekend staan, word bedien deur 'n Afdelingsinspekteur van Arbeid, wat vir die toepassing van die toepaslike Wette in sy inspektoraat verantwoordelik is. Die kantore van die Afdelingsinspekteurs is in die hoof-nywerheidsentrums geleë met takkantore in elke gebied, waar die publiek om hulp kan aanklop.

Die Grensgebied.

Dit is een gebied of 'n inspektoraat onder die Departement van Arbeid met hoofkantoor in Oos-Londen en twee takkantore in King Williamstown en Queenstown.

Die Nasionale Vakleerlingraad.

Die Vakleerlingwet van 1944 maak voorsiening vir die instelling van 'n Nasionale Vakleerlingraad, wat hoofsaaklik 'n beleidbepalende en koördinerende liggaam is en wat aanbevelings aan die Minister moet voorlê in verband met die aanwysing van bedrywe en leervoordes en om die aktiwiteite van die plaaslike Vakleerlingskapkomitees te koördineer. Kragtens die Wet is die Registrateur van Vakleerlinge voorsitter van die Raad wat bestaan uit 'n verdere 13 lede deur die Minister aangestel. Die Raad se hoofkwartier is in Pretoria en 'n amptenaar van die Departement tree as Sekretaris op.

Vakleerlingskapkomitees.

Ingevolge die bepalings van die Wet kan die Minister vakleerlingskapkomitees aanstel, wat verantwoordelik is vir die toepassing van die Wet in die bepaalde nywerhede en gebiede waarvoor hulle ingestel is. Sodanige komitees bestaan uit verteenwoordigers van werkgewers en werknemers. Beampies van die Departement tree normaalweg op as sekretarisse van komitees.

'n Vakleerlingskapkomitee oefen beheer uit oor die indiensneming van minderjariges in aangewese ambagte en die opleiding van vakleerlinge hetsy minderjarig of meerderjarig. Van 'n komitee word dus vereis om 'n aanbeveling aan die Registrateur te doen met betrekking tot die indiensneming van 'n

minderjarige in 'n aangewese ambag en die registrasie van 'n leerlingkontrak nadat die minderjarige 'n proeftydperk van vier maande gedien het. 'n Komitee moet ook voorstelle indien met betrekking tot die ambagte wat aangewys en die leervoorwaardes wat voorgeskryf moet word.

Die wet bepaal ook dat nasionale komitees en onder-komitees vir gegewe nywerhede benoem kan word. Hierdie komitees moet beoog om 'n groter eenvormigheid in die vakopleidingstelsel in 'n gegewe nywerheid oor die hele land te weeg te bring. Hulle het hoofsaaklik met beleidsake te doen in die nywerhede waarvoor hulle ingestel is. Onder beleidsake word beskou aanwysing van ambagte en voorskrywing van leervoorwaardes (lone, leertermyn, klasbywoning, vaktotse). Die onderkomitees verrig slegs roetinewerk. Die Nasionale Komitees vir die motor-, die metaal-, en die bounywerheid maak van sulke onderkomitees gebruik.

Benewens gemelde nywerhede bestaan daar komitees ten opsigte van 16 ander nywerhede, sommige op 'n landswyse basis en ander op 'n gebiedsbasis. (Sien bylaag 8).

#### Die Vakleerlingkontrak.

Die leerlingskontrak word aangegaan deur die werkgewer aan die een kant en die vakleerling, bygestaan deur sy voog, aan die anderkant.

Elke leerlingskontrak wat kragtens artikels 20 en 23 van die Wet geregistreer moet word, moet deur tussenkoms van die Sekretaris van die betrokke komitee vir Vakleerlinge by die Registrateur ingelewer word.

Elke leerlingskontrak wat vir registrasie kragtens artikels 20 en 23 van die Wet ingelewer word, moet in duplo wees. Na registrasie moet die Registrateur die duplikaat behou, en die werkgewer moet die oorspronklike behou tot voltooiing, oordrag of ontbinding van die kontrak.

By voltooiing van 'n leerlingskontrak deur verloop van tyd moet die werkgewer binne sewe dae van sodanige voltooiing, die sertifikaat van voltooiing van die kontrak invul en onderteken en die voltooide kontrak, deur tussenkoms van die Sekretaris van die betrokke Komitee vir Vakleerlinge, by die Registrateur inlewer vir aantekening van die voltooiing. Die voltooide kontrak moet daarna as sy eiendom aan die persoon wat sy leerlingskap ooreenkomstig die kontrak voltooi het, gestuur word.

Wanneer 'n leerlingskontrak oorgedra word kragtens artikel 27 van die Wet, moet die oordrag-aantekeninge op die kontrak, tesame met 'n afskrif daarvan deur alle partye betrokke by die oordrag so spoedig moontlik onderteken word en binne veertien dae na ondertekening moet die party in

wie se besit hulle is, die twee dokumente deur tussenkoms van die Sekretaris van die betrokke Komitee vir Vakleerlinge by die Registrateur inlewer.

Indien die kontrak geag oorgedra te wees kragtens artikel 27, moet die persoon of vennootskap wat die kontrak in bewaring het, dit so spoedig moontlik deur tussenkoms van die Sekretaris van die betrokke Komitee vir Vakleerlinge by die Registrateur inlewer.

Na registrasie van die oordrag moet die nuwe werkgewer in albei die gevalle die kontrak tot voltooiing, oordrag of ontbinding behou.

As 'n leerlingskontrak ontbind word kragtens die bepalings van artikel 29 van die Wet, moet die werkgewer die kontrak, deur tussenkoms van die Sekretaris van die betrokke Komitee vir Vakleerlinge, by die Registrateur inlewer vir aantekening van die feit van ontbinding.

## HOOFSTUK 2.

Die betekenis van die Vakleerling en sy inskakeling in die arbeidspatroon.

### a. Ontleding van die arbeidsmark volgens beroepe.

In die bespreking en in die verwysing na die arbeidsmark in hierdie hoofstuk het dit hoofsaaklik te doen met nywerheidsarbeid.

In elke sektor van die nywerheid is daar 'n groot verskeidenheid en verskillende tipes van beroepe. Hierdie beroepe is baie uiteenlopend van aard asook in verskillende rigtings, om aan te pas by die aard van die onderneming, maar basies kan al hierdie beroepe in die verskillende rigtings saam gegroepeer word en geklassifiseer word volgens verskillende standaarde, na gelang van elke groep se bepaalde beroepsvaardigheid wat as 'n vereiste gestel word.

In die verskillende ondernemings of bedrywe is daar gewoonlik baie beroepe of betrekkings wat meer of min op dieselfde vlak lê, met ander woorde horisontale differensiasie, maar daar bestaan ook betrekkings op verskillende vlakke, omdat die betrekkings volgens werkverrigting, verantwoordelikheid of senioriteit in kategorieë hoër gegradeer word, m.a.w. vertikale differensiasie.

Die tegniek en algemene benadering van die voorbereiding vir betrekkings op dieselfde vlak is min of meer dieselfde, maar wanneer dit by die vertikale gedifferensieerde kategorieë kom, is daar 'n radikale verandering in die opleiding en voorbereiding nodig, soos dit van die laer na die hoër groepe gaan.

Verskeie beroepe vereis ook 'n wyer veld van voorbereiding, wat varieer van die ongeskoolde beroep waarvoor vooraf opleiding minimaal is, teenoor jare van opleiding benodig vir die professionele beroepe.

Die tydperk van opleiding staan in noue verband met die beroep waarvoor die persoon hom voorberei, met sy natuurlike aanleg ook in aanmerking geneem. Dit is egter 'n voldonge feit, dat die behoefte vir doelmatigheid in die geleide ekonomie, dit nodig is dat die werker dus gestuur moet word vir die regte tipe van beroepsvoorbereiding, waarvoor hy na die beste van sy vermoë geskik is, andersins is die hele opleidingsproses as'tware nutteloos.

In die verskillende rigtings kan alle spesifieke beroepe dan as volg geklassifiseer word nl. :

1. Ongeskoolde beroepe
2. Semi-geskoolde beroepe
  - (a) Lae-graad
  - (b) Hoër-graad



3. Geskoolde of vakman-beroepe.
4. Semi-professionele of tegnisi-beroepe.
5. Professionele beroepe.

Hierdie vyf breë vlakke van beroepe word somtyds gerieflikheidshalwe gedefinieer in terme van die standaard van intelligensie, maar dit is terselfdertyd 'n gevaarlike basis van klassifikasie, omdat die sukses wat behaal word in 'n spesifieke beroep afhang van 'n groot verskeidenheid van persoonlike eienskappe, waarvan die intelligensie maar een daarvan is. Selfs die presiese aard van die verantwoordelikheid in elke afsonderlike beroep verskil ook, by die een onderneming kan dit 'n gespesialiseerde beroep wees terwyl dit by 'n ander onderneming 'n algemene beroep is.

Dit is dus noodsaaklik om 'n wye veld van intelligensie vir elke beroepskategorie te aanvaar wat as rig-snoer kan dien, maar met voorsiening vir oorfleueling tussen die verskillende vlakke, asook uitsonderings wat mag voorkom.

#### Ongeskoolde beroepe.

Hierdie beroepe word hoofsaaklik gekoppel aan hande-arbeid, waarvoor daar vooraf geen opleiding nodig is nie, m.a.w. dit is die gewone arbeider wat onder toesig werk, en wat van tyd tot tyd, soos omstandighede dit vereis, die nodige instruksies kry wat om te doen.

In die nywerheid is dit die handlanger wat onder toesig bv. die op- en aflaaierwerk doen, die goedere verskuif, <sup>dra</sup> ~~daar~~ of vervoer, dit oppak of wegpak of verpak of gaan haal, asook die bode en die skoonmaker.

In die boubedryf laai hy die sand of stene in die kruiwa en ry dit aan, meng beton en klei en as handlanger van die ambagsman verrig hy die take aan hom opgedra.

Verder werk hulle op die paaie met pik en graaf, op die plase as arbeiders op die landerye of pakhuse en in die handel as bodes, skoonmakers en algemene handlangers om voorrade te hanteer.

Hierdie groep is dus hoofsaaklik persone wat liggaamlike arbeid onder toesig moet verrig.

#### Semi-geskoolde beroepe.

Hierdie groep het gewoonlik 'n beperkte skoolopleiding gehad en net die elementêre basiese beginsels van beroepsopleiding. Baie van hulle is gewoonlik aangewys op indiensopleiding of 'n kort skolingskursus in die diens om 'n eenvoudige tegniek aan te leer of om sekere werk van roetine aard te bemeester.

Dit is hoofsaaklik hierdie groep wat operateurswerk verrig wat beperk is tot eenvoudige handeling wat maklik aangeleer kan word, of klerikale werk van 'n eenvoudige roetine aard.

In hierdie kategorie val ook 'n groot deel van die soort van betrekkinge wat liggaamlike arbeid vereis en daarom vind ons dat baie van die bestes uit die ongeskoolde geledere met opleiding na hierdie betrekkinge bevorder word.

#### Geskoolde- of Vakmanberoepes.

Onder hierdie groep val die Vakleerling. In hierdie beroep bereik die persoon 'n hoë mate van handvaardigheid in sy spesifieke rigting, tesame met 'n redelike teoretiese kennis van sy vak.

Die vakman is onontbeerlik vir die nywerheid, en daar is 'n baie wye veld van beroepes in die verskillende rigtings waar die vakman nodig word, soos in die ingenieurswese (meganies, elektris, siviël, elektronies, instrumentasie, produksie ens.), die boubedryf, motorbedryf, leerbedryf, drukkerie, bakkerie, tandwerktuigkundiges, diamandslyperie, slagters, haarkapperie, kabinet- en meubelmakers ens.

Hierdie groep kry hulle toepaslike teoretiese opleiding as vakleerlinge gewoonlik by die Tegnieëse Kolleges, en hulle handvaardigheid deur indiensopleiding onder gespesialiseerde toesig by hulle werk.

#### Semi-professionele beroepes.

Hierdie groep is persone wat na-matrikulasie of tersiêre opleiding (uitgesonderd universiteitsopleiding) ontvang het. Hulle studeer hoofsaaklik aan die Tegnieëse Kolleges, die Tegnieëse Institute en die Kolleges vir Gevorderde Tegnieëse Onderwys, en behaal die professionele diplomas wat in al die verskillende rigtings aangebied word.

Al hierdie diplomas is hoofsaaklik sover as moontlik prakties georiënteerd, maar ook met die nodige toepaslike teoretiese kennis, en word uitgereik deur die Departement van Nasionale Opvoeding, nadat die kwekeling sy teoretiese eksamens geslaag en die vereiste tydperk van praktiese werk by sy firma ondergaan het. In hierdie geledere kry ons die tegnikus in die nywerheid en die Sekretaris, boekhouer, kosterekenmeester ens. in die handel.

#### Professionele beroepes.

Onder hierdie kategorie val die persone wat 'n graadkursus op universiteit voltooi het en in een of ander rigting gespesialiseer het.

In hierdie beroepes of professies kry ons die ingenieurs, dokters, advokate, professore, predikante, onderwysers ens.

#### b. Vakleerlingskap en die Vakleerling.

##### Vakleerlingskap.

Die vakleerlingstelsel het sy ontstaan in die vroegste tyd gehad in klein werksinkels waar artikels wat deskundige hande-arbeid vereis, vervaardig was. Dit was gewoonlik 'n tydsame proses om die basiese kuns

en vaardigheid te bemeester wat vir 'n spesifieke soort werk of artikel vereis word.

Met die koms van die masjien en fabrieksproduksie, moes die vakleerlingstelsel verander word en in sommige lande was die opvatting dat die vakleerling oorbodig geword het. Die tyd het egter aangetoon dat hulle verkeerd was en dat vakleerlingskap tog nog nodig blyk te wees, met die gevolg dat dit noodsaaklik gevind is om deur wetgewing die nodige aanpassings te maak vir die veranderde omstandighede.

Waar die masjien die hand<sup>ver</sup>vaardigingsprosesse oorgeneem het, was dit nou weer nodig om 'n hoogsgeskoolde vakman op te lei om die masjien en die gereedskap te ontwerp, te vervaardig, te installeer, in te stel op produksie en dit te onderhou en te herstel.

Die stelsel van vakleerlingskap het dus 'n radikale verandering ondergaan, met die gevolg dat ook wetgewing in verband met vakleerlinge self gedurig verander en aangepas moes word namate industriële veranderings plaasgevind het. (1)

In 'n oorsig van die algemene neigings in die wêreldposisie in verband met die evolusie van vakleerlingskap, is daar 'n poging om die opleiding vir elke beroep meer uniform te maak deur kontrakte en eksamens te standaardiseer, om vakleerlingskap aan te moedig, om meer finansiële steun te gee en te waak dat die vakleerling nie uitgebuit word nie.

Suid-Afrika is seker een van die eerste lande wat wetgewing neergelê het vir vakleerlingskap (eerste wetgewing reeds in 1922) en van die mees gevorderde in sy vakleerlingopleiding.

#### Die Vakleerling.

Die vakleerling is iemand wat in diens is kragtens 'n leerlingskontrak en behoorlik geregistreer is volgens die Wet op Vakleerlinge. (2)

Die doelstellings van die Wet is kortliks:

- (a) om te verseker dat vakleerlinge behoorlike praktiese en teoretiese opleiding ontvang,
- (b) om die opleiding van vakleerlinge en minderjariges in aangewese ambagte te reguleer, en
- (c) om die indiensneming van onopgeleide werknemers in geskoolde (aangewese) ambagte te beheer.

Die toepassing van die Wet op Vakleerlinge berus by die Minister van Arbeid wat ingevolge die bevoegdhede aan hom verleen, twee amptenare met die benaming Registrateur en Assistent-registrateur van Vakleerlinge kan aanstel.

Die Sekretaris van Arbeid stel voorts, onderhewig aan enige algemene of besondere opdragte van die Minister, die ander amptenare aan wat nodig geag word om die bepalinge van die Wet uit te voer. Die Registrateur moet



die bevoegdheids uitoefen en die pligte vervul wat by hierdie Wet of enige ander Wet aan hom verleen of opgelê word, terwyl die Assistent-registrateur die Registrateur hulp moet verleen by die uitoefening van sy bevoegdheids en die verrigting van sy pligte.

Die Wet is bedoel om die opleiding en indiensneming van vakleerlinge en minderjariges te reël en die nodige bevoegdheids is in hierdie verband aan die Registrateur en Assistent-registrateur verleen wat ook verantwoordelik is vir die registrasie, beëindiging, oordrag of ontbinding van leerling-kontrakte.

Ingevolge die bepalings van die Wet, het die Minister Vakleerlingskap-komitees aangestel wat verantwoordelik is vir die toepassing van die Wet in die bepaalde nywerheids en gebied waarvoor hulle ingestel is. Sodanige komitees bestaan uit verteenwoordigers van werkgewers en werknemers. Beamptes van die Departement tree normaalweg op as sekretarisse van komitees.

'n Vakleerlingskapkomitee oefen beheer uit oor die indiensneming van minderjariges in aangewese ambagte en die opleiding van vakleerlinge hetsy minderjarig of meerderjarig. Van 'n komitee word dus vereis om 'n aanbeveling aan die Registrateur te doen met betrekking tot die indiensneming van 'n minderjarige in 'n aangewese ambag en die registrasie van 'n leerlingkontrak nadat die minderjarige 'n proeftydperk van vier maande gedien het. 'n Komitee moet ook voorstelle indien met betrekking tot die ambagte wat aangewys en die leervooraardes wat voorgeskryf moet word.

Die Wet maak voorts voorsiening vir die instelling van 'n Nasionale Vakleerlingraad wat hoofsaaklik 'n beleidbepalende en koördinerende liggaam is en wat aanbevelings aan die Minister moet voorlê in verband met die aanwysing van bedrywe en leervooraardes. Kragtens die Wet is die Registrateur van Vakleerlinge Voorsitter van die Raad wat bestaan uit 'n verdere dertien lede deur die Minister aangestel. Die Raad se hoofkwartier is in Pretoria en 'n amptenaar van die Departement tree as Sekretaris op.

Die Wet bepaal verder dat onderkomitees benoem kan word en dat sekere magte van die volle komitee aan sulke onderkomitees oorgedra kan word. Hierdie bepaling beoog die instelling van nasionale vakleerlingskapkomitees ten einde groter eenvormigheid in die vakopleidingstelsel in 'n gegewe nywerheids oor die hele land teweeg te bring. Sulke nasionale komitees gee opdragte aan onderkomitees en het hoofsaaklik met beleidsake te doen in die nywerheids waarvoor hulle ingestel is.

In 1945 is die Wet op Registrasie vir Werk No. 34 deur die Parlement aanvaar. Artikel 13 van die Wet maak voorsiening vir die instelling van Jeugrade, terwyl Artikel 20 die pligte en werksaamheids van so 'n Raad omskryf. Laasgenoemde artikel bepaal onder andere dat 'n Raad behoortlik voorsiening

moet maak vir leiding aan jeugdige werksoekers en hulle voogde, deur middel van die insameling en bekendmaking van inligting en die verstrekking van advies.

'n Interdepartementele Komitee vir Beroepsvoorligting is toe gestig wat verantwoordelik is vir die ontwerp van 'n praktiese beroepsvoorligtingsdiens. Hierdie diens kom hoofsaaklik daarop neer dat beroepsvoorligting aan skoolgaande jeugdige die verantwoordelikheid van die onderskeie Onderwysdepartemente is, terwyl die Departement van Arbeid vir voorligting en indiensplasing ná skoolverlating verantwoordelik is, asook vir nasorg wat vir die jeugdige se vordering ná indiensplasing nodig mag wees.

By die Departement van Arbeid is daar dan so 'n afdeling vir Beroepsdienste, wat verantwoordelik is vir hierdie voorligting, toetsing en advisering van Vakleerlinge.

Met die beroepsvoorligting aan vakleerlinge word probeer om die regte vakleerling in die regte werk te plaas om op so 'n manier die beskikbare mannekrag en arbeidspotensiaal op die mees doeltreffende en effektiewe wyse te benut. Terselfdertyd bewerkstellig dit beroepstevredenheid, beroepsbevrediging en 'n regte beroepsaanpassing. Die wanaangepaste werker is 'n las en 'n onekonomiese uitgawe vir sy werkgewer en staan direk in verband met arbeidsomset en produksie.

Op die oomblik funksioneer daar so 'n Jeugraad hier in Oos-Londen.

(c) Inskakeling van die Vakleerling in die arbeidspatroon.

Soos reeds gemeld is die inskakeling van die Vakleerling in die arbeidspatroon hoofsaaklik op die gebied van nywerheidsarbeid.

Die vyf hoofrigtings volgens die Departement van Arbeid waaronder hulle vakleerlinge ingedeel word en waarin vakoetse afgelê moet word is in die rigtings van Metaal, Motor, Haarkappery, Bou en Houtbewerking. Die S.A.S. & H. en EVKOM is onafhanklike werkgewers wat hulle eie indiensneming en opleiding behartig en nie onder die jurisdiksie van die Departement van Arbeid val nie. By hulle is die indeling hoofsaaklik in die Meganiese- en Elektriese-rigtings, terwyl die Poskantoor weer ingestel is hoofsaaklik op Telekommunikasie.

In elkeen van hierdie hoofrigtings is daar weer talle onderverdelings van verskillende soorte beroepe en as ons die vakke neem (sien bylaes 1 - 5) waarin die vakleerlinge eksamen aflê, kan daar gesien word hoe 'n wye veld gedek word, en is daar haas geen denkbare rigting of veld waarin daar nie vakleerlinge opgelei word nie.

In die ingenieursrigtings kry ons die meganiese-, elektriese-, elektroniese-, siviele-, instrumentasie en beheer-, produksie en kontrole-, en chemiese aanlegbediening-rigtings.

In die boubedryf kry ons boukonstruksie, bouwetenskap, steenmesselwerk,

loodgietery en sanitasie en in die metaalnywerheid kry ons pas-draai- en masjienwerk, plaatmetaalwerk, grofsmedery, ketelmakery, sweiswerk en masjienkonstruksie.

In die motornywerheid is dit hoofsaaklik motorwerktuigkundiges, motor-elektrisiëns, duikklop en spuitverf en binnebrandmasjiene, terwyl in die houtbewerkingsbedryf ons timmer- en skrynwerk, meubelmakery en houtmasjineerwerk kry.

Die S.A.S. & H. lei hoofsaaklik op in die rigtings van pas- en draaiwerk, ketelmakery, rytuigbouery, sweiswerk, diesel-elektrisiëns, skilder en dekorasiewerk en spoorweginjaal-bediening, terwyl die poskantoor opleiding aanbied in telekommunikasie<sup>lyne</sup>, telegrafie, telefonie ens.

Verder benodig die nywerhede ook elektrisiëns, radiotrisiëns, televisie dienstegnici, opmeters, met nog talle rigtings in die mynbou, krygstuig en ammunisie, die staatsdiens en tegniese dienste.

Die vakleerling word dus hoofsaaklik ingeskakel by die geskoolde- of vakmanberoepe van die nywerheidsarbeid en is die potensiële bron waaruit die geledere van die vakman of ambagsman aangevul moet word. Hy is die ambagsman in wording of die vakman in opleiding.

Nadat die vakleerling in diens geneem is onder vakleerlingskap-kontrak, staan hy reeds onder verpligting teenoor sy werkgever en moet die volgende voorwaardes nakom:

- (a) om homself by sy werkgever vir die bepaalde termyn te verbind, sy werkgever getrou, eerlik en ywerig te dien en alle wetlike en redelike bevele en vereistes van die werkgever of die wat behoorlik oor hom gestel is, te gehoorsaam;
- (b) om aan hoegenaamd niemand enige inligting aangaande die besigheid van sy werkgever te openbaar of mee te deel nie;
- (c) om nóg direk nóg indirek, hetsy as 'n betaalde agent of bediende by enige ander besigheid of onderneming behalwe die van die werkgever, belang te hê nie;
- (d) om nie sonder die Registrateur se goedkeuring van sy werk weg te bly nie;
- (e) om die voorgeskrewe tegniese klasse by te woon of om die nodige korrespondensiekursusse of dele daarvan te volg soos deur die Minister op besluit mag word vir die doel om tegniese en ander onderrig te ontvang en om sulke eksamens af te lê as wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding van tyd tot tyd in verband met sulke klasse of kursusse gehou

mag word en om homself in sulke klasse behoorlik en ooreenkomstig goeie dissipline te gedra;

- (f) om die verpligte praktiese ambagstoets af te lê en die voorgeskrewe fooi te betaal (indien hy nie reeds 'n vrywillige toets geslaag het nie);
- (g) om daagliks sulke besonderhede as wat voorgeskryf mag word vir die opleiding wat hy van sy werkgewer ontvang in sy logboek aan te teken en om die werkgewer maandeliks van 'n juiste afskrif van die aantekeninge wat in die logboek gemaak is, te voorsien.

Die werkgewer het egter ook sekere verpligtings. Hy moet bv. die bepalinge van die Wet nakom, asook die van die kontrak en voorgeskrewe leervoordes. Dit sluit o.a. in:

- (a) om hom vir die leertermyn te verbind en die leerling doeltreffend op te lei of te laat oplei;
- (b) om gelde ten opsigte van tegniese opleiding te betaal;
- (c) om die lone ooreenkomstig die skaal soos in die kontrak vervat te betaal;
- (d) om vir elke tydperk van drie maande rapporte oor die vordering en gedrag van die vakleerling te verstrek in die vorm en binne sodanige tydperk as wat die betrokke komitee mag vereis;
- (e) om juiste afskrifte van die vakleerling se logboek onmiddellik nadat hy hulle van die vakleerling ontvang het, aan die betrokke komitee te stuur;
- (f) om by voltooiing van die leertermyn die kontrak te endosseer, by die sekretaris van die komitee in te dien en by terugontvangs aan die leerling as sy eiendom te oorhandig;
- (g) om enige afwesigheid uit te werk deur die vakleerling, en binne 7 dae vanaf die datum van sodanige afwesigheid aan die betrokke komitee te rapporteer;
- (h) om aantekening te hou van die besoldiging wat betaal is en ander besonderhede wat voorgeskryf mag word met inbegrip van opleiding wat in enige voorgeskrewe opleidingskursus aan die vakleerling verskaf word en om 'n juiste afskrif van sodanige aantekeninge aan die komitee te stuur indien aangevra. Sodanige aantekeninge moet vir drie jaar behou word. (3)

Opsommend kan dus gesê word dat die vakleerling volgens sy kontrak 'n wettig geregistreerde werker is en as sulks 'n integrale deel vorm van die geskoolde nywerheidsarbeid van ons land.

---

- (1) "Report of the Commission on Technical and Vocational Education - Government Printer, Pretoria UG.65/1948. P.145"
- (2) Wet op Vakleerlinge, 1944 (Wet No. 37 van 1944) soos gewysig by Wet No. 28 van 1951.
- (3) Geneem uit die regulasies van die Dept. van Arbeid ten opsigte van verpligtinge van die Vakleerling en die Werkgewer.



HOOFSTUK 3.

Die Teoretiese- en praktiese indiensopleiding en die besetting van die arbeidsmark deur die Vakleerling.

a. Teoretiese-opleiding en fasiliteite.

Kwalifikasies vir vakleerlingskap.

Die minimum ouderdomskwalifikasie word op aanbeveling van die Nasionale Vakleerlingraad deur die Minister voorgeskryf en mag nie minder as vyftien jaar wees nie. Oor die algemeen word St. 7 en St. 8 nou voorgeskryf as minimum opvoedkundige kwalifikasies. 'n Voornemende vakleerling moet 'n sertifikaat van liggaamlike geskiktheid in die voorgeskrewe vorm van die distriksgeneesheer verkry, alvorens 'n kontrak geregistreer kan word. Sodanige mediese ondersoek geskied op staatskoste. Hy moet ook nie volgens wet meer skoolpligtig wees nie. Meerderjariges mag ook as vakleerlinge ingeskryf word mits die Registrateur sy toestemming daartoe verleen. (Art.22(2). (Magtiging gedelegeer aan A.I.s. wat betref meerderjariges tot 30 jaar oud).

Leertyd.

Die leertermyn is 5 jaar oor die algemeen, vir sekere ambagte is dit 4 jaar en vir andere slegs 3 jaar. Korting van die leertyd word slegs ten opsigte van opleiding-in-diens in die ambag waarin hy ingeboek staan te word of ten opsigte van 'n verwante ambag toegeken.

Tegniese klasse en Tegniese-opleiding.

'n Vakleerling word verplig om tegniese klasse wat met sy ambag in verband staan by te woon tot tyd en wyl hy in die ambagsteorie op Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel II (N2) peil geslaag het. Die bywoning van klasse aan 'n Tegniese Kollege is verpligtend en vind op die oomblik gedurende werksure volgens 'n groepvrystellings-stelsel plaas, waar dit vroeër op 'n dag-vrystellings-basis gedoen was. (Beide sal later meer volledig behandel word).

Indien 'n vakleerling na die eerste of enige daaropvolgende jaar 'n sertifikaat van die betrokke tegniese kollege voorlê, waarin gemeld word dat hy bevredigende punte vir ywer en vordering behaal het, kan hy vir sy hele leertermyn voortgaan om klasse binne werksure by te woon. Vakleerlinge wat na twee jaar se klasbywoning nie daarin kan slaag om die Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel 1 te behaal nie, word sondermeer vrygestel van verdere klasbywoning. Hierdie maatregel is ingestel aangesien vakleerlinge wat lui en traag is om hulle op hulle studies toe te lê 'n voortdurende ergernis vir die lektor is en die vordering van meer begaafde leerlinge vertraag.

Wat die ywerige vakleerling betref, maak die stelsel voorsiening vir diegene wat reeds die minimum kwalifikasies, d.i. ambagsteorie van N2 standaard

besit, om hul studies binne die werkgewer se tyd gedurende hulle hele leertermyn te kan voortsit, mits hulle natuurlik na elke jaar 'n gunstige verslag betreffende vordering en ywer van die betrokke tegniese inrigting kan toon.

Daar is ook voorsiening gemaak vir die volg van korrespondensiekursusse ten opsigte van vakleerlinge wat nie Tegniese Kolleges kan bywoon nie.

Die werkgewer moet die klas- of kursusgelde aan die betrokke inrigting voorskiet en kan dan die bedrag van die loon van die vakleerling in weeklikse paaiemente aftrek. Indien die vakleerling 'n verklaring van die betrokke inrigting voorlê dat hy bevredigende punte vir ywer en vordering behaal het en minstens 90% van die moontlike klasse bygewoon het, en in die geval van 'n korrespondensiekursus minstens 90% van die vraestelle bevredigend beantwoord het, is hy geregtig op terugbetaling van die bedrag wat aldus afgetrek is. Die werkgewer is ook onder verpligting om die inskrywingsgeld vir 'n eksamen te betaal en dan die koste slegs van die vak of vakke waarin die leerling gedruip het van hom deur middel van weeklikse aftrekkings te verhaal.

Jare gelede was dit die gebruik om vakleerlinge wat byvoorbeeld ten spyte van waarskuwings nogtans in gebreke gebly het om tegniese klasse gereeld by te woon, te vervolg. Die vonnis was gewoonlik opgeskort om sodoende die leerling te dwing om klasse gereeld by te woon. Weens die stigma aan 'n vervolging verbonde is dit die beleid om sover moontlik nie vervolgings in te stel nie, maar om van ander strafmaatreëls soos byvoorbeeld skorsing en/of verlenging van die leertermyn, gebruik te maak. Waar 'n leerling egter gedros het, opgespoor is en geen verskoning kan aanvoer nie, stel hy hom wel bloot aan vervolging weens kontrakbreuk.

Die kwessie van vakleerlingskap en tegniese opleiding is al deur verskeie kommissies in ons land ondersoek. Die tegniese opleiding van vakleerlinge het nog altyd moeilik probleme geskep, veral onder die moderne omstandighede. Die opvatting dat die toenemende meganisasie en die ontwikkeling in die gebruik van masjiene die behoefte aan die vakleerling sal laat verdwyn, het geblyk om onjuis te wees. Die teendeel is egter waar dat in sekere bedrywe soos die ingenieurswese, boubedryf en mynwese, daar steeds 'n groter vraag na beter opgeleide vakmanne bestaan.

Die mees perfekste masjiene kan nog nie die plek of die vaardigheid van die mens oorbodig maak nie, maar juis die ingewikkelde masjiene maak dit noodsaaklik dat die vakman daar moet wees om dit te ontwerp, te bou, te installeer, te onderhou en te herstel.

Die eerste stappe wat in Suid-Afrika gedoen was om vakleerlingopleiding

te kontroleer, was die Wet op Vakleerlingskap van 1922. Voor hierdie tyd het vakleerlingskap geskied deur middel van private kontrakte onder die Reg van Heer en Kneg.

Dit is gevolg deur die Vakleerlingskap Wet van 1944, wat baie administratiewe verbeterings meegebring het, asook die stigting van die Nasionale Vakleerlingraad, wat al die aktiwiteite moes koördineer ten opsigte van die aanwysing van die beroepe, die voorwaardes, tydperke van vakleerlingskap en om die Minister van Arbeid te adviseer in verband met alle sake rakende vakleerlinge.

Alhoewel die vakleerling sy praktiese opleiding by sy werk onder toesig ontvang, was dit ook nodig om die teoretiese opleiding in sy toepaslike vakke te kry. Hierdie opleiding het by die Vakleerlingskole, of soos nou bekend, die Tegniese Institute en Tegniese Kolleges plaasgevind.

Die eerste stelsel van vakleerlingopleiding by die Kolleges en Institute het geskied op 'n dag-vrystellings-basis, waar die werkgewer die vakleerling een dag per week vrystel om klasse by die Kollege by te woon, die res van die week bly hy by sy werk. Die eksamens het dan aan die end van die jaar gedurende November en Desember plaasgevind. Hierdie stelsel was nie so geslaagd gewees nie, aangesien die vakleerling verplig was om die een dag in die week aanekaar te gaan klasse bywoon, en dan nie weer voor die volgende week nie, met die gevolg dat daar geen werklike kontinuïteit van studie was nie, en wat dan gewoonlik hulle belangstelling in hulle studies laat verflou het. Daarby was daar ook nie 'n stelsel van beter vergoeding vir hoër kwalifikasies nie, wat as aansporing en aanmoediging kon dien vir studie nie, gevolglik was die slaagsyfer gewoonlik baie laag gewees, soos gesien kan word in Bylaag 6 en Grafiek No. 1 waar die gemiddelde slaagpersentasie tot 1966 baie laag was, in vergelyking met die gemiddelde slaagpersentasie daarna.

Daarna is die nuwe stelsel van groepvrystellings-opleiding ingestel, waar die vakleerlinge voltyds vir 'n termyn van 10-12 weke na die Tegniese Kollege kom vir 'n intensiewe kursus ("sandwich course"). Daar is dan voorsiening gemaak by die Tegniese Kolleges vir drie sulke termyne gedurende die jaar, naamlik die eerste van Januarie tot April, die tweede van Mei tot Julie en die derde van Augustus tot November.

Nou kan elke werkgewer sy vakleerlinge so indeel oor die drie termyne van die jaar dat hy bv. een-derde vir elke termyn stuur, dan het hy gedurig een-derde by die skool en twee derdes by die werk. Die vakleerling is dan vir hierdie termyn voltyds by die Tegniese Kollege en gaan gladnie werk toe nie, en aan die end van elke termyn vind die eksamens plaas. Hierdie



eksamens is almal nasionale eksamens wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding afgeneem word en waar die Nasionale Tegniese Sertifikate uitgereik word.

Hierdie stelsel het baie beter resultate gelewer, aangesien die vakleerling nou voltyds op sy studie kon konsentreer - sien bylaag 6, hoe die gemiddelde slaagpersentasie na 1966 gestyg het. Ook as gevolg van 'n toegewing van die Vakleerlingraad, waar hoër lone betaal word vir hoër kwalifikasies, het dit ook as aansporing gedien vir die vakleerling om hoër kwalifikasies te verwerf.

Werkgewers van wie die vakleerlinge se vakleerling-tydperk verstreke is en wat reeds hulle ambagstoetse afgelê het, is volgens die wet nie meer verplig om hulle verder vir opleiding te stuur nie, maar indien hierdie vakleerlinge self verder wil studeer om hulle kwalifikasies te verbeter, maak die Tegniese Kolleges en Institute daarvoor voorsiening deur klasse in die aande aan te bied, waar hulle dan op 'n deeltydse basis verder kan studeer.

Alle eksamens vir vakleerlinge het vroeër plaasgevind onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, maar tans word dit afgeneem deur die Departement van Nasionale Opvoeding, wat die Nasionale Tegniese Sertifikate en Diplomas uitreik.

Die gradering van hierdie Nasionale Tegniese Sertifikate was onder die ou bedeling bekend as N.T.S. I, N.T.S. II, N.T.S. III, gevolg deur die Gevorderde Tegniese Sertifikate G.T.S. I, en G.T.S. II, gevolg deur die Nasionale Ingenieurs Diploma. Die N.T.S. III sertifikaat was gereken as gelykstaande kwalifikasie aan Matriek- of Seniorcertifikaat te wees.

Later is die gradering verander na N.T.S. I, II, III, IV, V en het die G.T.S. I en II verval, en is vervang deur N.T.S. IV en V. Daarna is die hele stelsel weer hersien en verander na N1, N2, N3 (met N3 gelykwaardig aan die Seniorcertifikaat) en vir die gevorderde gradering na-matriek na T1 tot T4, om in te skakel en aan te sluit by die Nasionale Sertifikaat vir Tegnici wat van T1 tot T4 strek. In die T-kursusse verskil die vakleerling se opleiding van die van die Tegnici, deurdat die vakleerling net die drie basiese vakke in elke kursus van ses vakke neem en nie die volle kursus nie. Die hele opleiding strek nog oor die stelsel van groep-opleiding oor die drie termyne per jaar.

#### Opleidingsfasiliteite vir Vakleerlinge.

##### Die Tegniese Institute.

Ons het op die oomblik 33 Tegniese Institute, en hulle is versprei oor die land op die kleiner sentrums, waar daar nie Tegniese Kolleges is nie, maar nogtans 'n voldoende aanvraag na opleiding bestaan. Hierdie Tegniese

Institute staan ook onder die beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding, maar hulle werk op 'n stelsel waar hulle klasse selfonderhoudend moet wees en verder word hulle gesubsidieër.

By hierdie Tegniëse Institute vind hoofsaaklik vakleerlingopleiding plaas volgens die groepvrystellingstelsel, maar hulle bied ook deeltydse klasse aan, en dan bied hulle ook alle ander kursusse na-uurs aan, waarvoor daar 'n behoefte bestaan en daar voldoende inskrywings is.

#### Tegniëse Kolleges.

Daar is nou 26 Tegniëse Kolleges en hulle is meestal op die groter sentrums in ons land en staan onder die direkte beheer en administrasie van die Departement van Nasionale Opvoeding.

Hierdie Kolleges verskaf opleiding op beide die sekondêre en tersiêre vlakke. Hulle bied ook voltydse na-matrikulasie kursusse aan asook deeltydse kursusse op sowel die sekondêre as die na-matrikulasievlak. Hulle voorsien opleiding in enige rigting waar daar 'n voldoende aanvraag voor bestaan en gewoonlik het hierdie kolleges verskeie departemente of afdelings soos bv. vakleerlingopleiding, handel, tegnologie, kuns, musiek, sekretarieël, drama, ballet ens.

Een van die vernaamste funksies van hierdie kolleges is dat hulle verantwoordelik is vir vakleerlingopleiding en dit word aangebied volgens die voltydse groepvrystellingstelsel met die drie termyne per jaar. Hierdie Tegniëse Kolleges se Vakleerlingafdelings spesialiseer daarin om in al die verskillende vakleerlingrigtings die toepaslike vakke vir elke rigting aan te bied. (Sien bylaes 1 - 5, vir die verskillende vakke waarin daar eksamens aangebied word).

Die opleiding strek vanaf die Inleidende kursus, dan N1 tot N3 en dan op gevorderde vlak van T1 tot T4. (Verwys bylaes 1 - 5). Hier word ook nou 'n interessante feit opgemerk, naamlik dat die statistieke net tot T2 gaan en nie verder nie. Die rede hiervoor is dat die vakleerlinge se leertermyn volgens kontrak, gewoonlik oor 'n tydperk van vyf jaar strek, met die gevolg dat volgens die ou bedeling daar voorsiening gemaak was vir vyf jaar van gepromoveerde studie vir die vakleerling wat elke jaar slaag en met sy studies aangaan. Die kursusse was eers N.T.S. I tot III en G.T.S. I en II vir die vyf opeenvolgende jare. Toe is dit verander na N1 tot N5 wat nog vir vyf jaar studie voorsiening maak, maar onlangs is dit weer verander na N1 tot N3 en dan T1 tot T4.

Nou kan die vakleerling wat elke jaar slaag vorder tot by T2, dan is sy kontraktermyn om en het hy reeds sy ambagstoets afgelê en is hy 'n gekwalifiseerde ambagsman. Die werkgewer het nou onder die Wet geen

verpligting om hom verder op te lei nie en moet hy dus op sy eie tyd en koste verder studeer indien hy die T3 en T4 kursusse wil aflê.

Hierdie stelsel van opleiding het ontstaan met die stigting van die ses Kolleges vir Gevorderde Tegniëse Onderwys in ons land. (1)

Hierdie Kolleges vir Gevorderde Tegniëse Onderwys se doel is om uitsluitlik tegnisi op te lei oor 'n vierjarige kursus, soos bepaal deur die Wet op Kolleges vir Gevorderde Tegniëse Onderwys van 1967, vandaar die kursusse T1 tot T4. Hierdie kursusse is op tersiêre of na-matrikulasievlak met die Matrikulasië- of Seniorertifikaat of die N3-sertifikaat as toelatingsvereiste.

Die doel was toe om die gevorderde deel N4 en N5 van die vakleerlingkursusse te inkorporeer en in lyn te bring met die tegnisi-kursusse, sodat die gevorderde vakleerling wat verder wil studeer met sy studies tot T4 kan aangaan. Die verskil is egter net dat elke T-kursus vir die Tegnisi uit ses vakke bestaan, met 'n totaal dus van 24 vakke tot T4, maar die vakleerling neem net die drie basiese vakke in elke T-kursus, wat sy totaal tot T4 dan op 12 vakke sal bring. Die tegnikus ontvang dan die Nasionale Diploma vir Tegnisi, terwyl die vakleerling die Nasionale Tegniëse Sertifikaat ontvang.

Die Minister van Nasionale Opvoeding, Senator J.P. v.d. Spuy, het in Oktober 1973 instruksies gegee dat die Vakleerlingkursusse van N1 tot N3 in 1974 weer ondersoek moet word, om wysigings aan te bring en aanpassings te maak om hierdie kursusse in ooreenstemming te bring met die stelsel van gedifferensieerde onderwys van die laer- en hoërskole van die provinsies.

b. Praktiese indiensopleiding - evaluering en doeltreffendheid.

Praktiese opleidingskursusse.

Die leervoordes van die Wet omskryf die verpligte praktiese opleiding wat vakleerlinge by hulle werk moet ondergaan vir elkeen van die verskillende aangewese ambagte. Vir elke ambag is daar 'n opleidingsregister wat die verskillende fases van opleiding wat ondergaan moet word aandui. (Sien Bylaag 9 en Aanhangsel No. 1 vir die opleidingsregisters van die verskillende ambagte). (2)

Daar word ook voorsiening gemaak vir die opleiding in die mate waarin geriewe in die werkgewer se inrigting bestaan. Vir sover doenlik moet die vakleerling onder gereelde toesig van 'n gekwalifiseerde ambagsman werk. Inspekteurs is aangestel om toe te sien dat vakleerlinge volgens die voorgeskrewe opleidingsskedule opgelei word. 'n Verdere beheermaatreël is die voltooiing van logboeke op 'n daaglikse grondslag deur die vakleerling wat

periodiek aan komitees voorgelê moet word nadat dit deur die werkgewers gesertifiseer is.

Wanneer 'n komitee 'n aansoek ontvang vir die indiensneming van 'n minderjarige ingevolge artikel 19(2) moet dit oorweeg word of sodanige indiensneming in die betrokke minderjarige se belang sal wees, d.w.s. of die werkgewer geskik is om 'n minderjarige op te lei en of hy oor die nodige fasiliteite beskik. Die komitee se aanbeveling moet aan die Registrateur voorgelê word, maar in die reël beslis die plaaslike afdelingsinspekteur oor die aansoek ingevolge magte wat aan hom ingevolge artikel 4(2)(b) van die Wet oorgedra is. Sodanige Afdelingsinspekteurs is deur die Minister as amptenare vir die doeleindes van die Wet aangestel.

Geen persoon mag 'n minderjarige sonder 'n kontrak vir langer as vier maande in sy diens in 'n aangewese ambag hou nie. Waar die minderjarige voorheen elders in 'n aangewese ambag gewerk het, mag die totale tydperk nie ses maande oorskry nie. (Artikel 20). Indien die leerling ten tye van die aanwysing van die ambag alreeds onder skriftelike kontrak by die werkgewer in diens was, moet sodanige kontrak binne drie maande na die aanwysing, vir registrasie ingehandig word en die Registrateur moet sodanige kontrak ingevolge Artikel 23 van die Wet registreer. Die bepalinge van die Wet, behalwe dié wat registrasie verpligtend maak, is nie op so 'n kontrak van toepassing nie.

Na die kontrak aangegaan is en sake soos die korting op die leertermyn wat ten opsigte van vorige ondervinding beslis is, word die kontrak in die kantoor van die Registrateur geregistreer (art. 23) en 'n getekende duplikaat word daar gehou. Die Registrateur magtig amptenare in sy kantoor om kontrakte by registrasie, oorpasing of beëindiging namens hom te teken.

Die leervoorwaardes maak ook voorsiening dat 'n vakleerling ambagsmanstatus voor die normale verstrykingsdatum van sy kontrak kan bekom deur 'n kwalifiserende ambagstoets, wat in die praktyk van 'n ambag afgeneem word, vrywilliglik af te lê. Die stadia waarop so 'n toets op die vroegste aangedurf kan word hang af van die onderwyskwalifikasies wat 'n vakleerling besit, of wat hy gedurende sy leertyd verwerf. Hierdie toets dien as aansporing vir vakleerlinge om hulle bes te doen om sodoende ambagsmanstatus vroeër te behaal. Ook dui die uitslae aan in welke opsig die opleiding gebrekkig was sodat hy hom op dié aspek kan toelê met die oog op 'n verdere vrywillige toets indien hy dit verkies. Die stadium waarop 'n vakleerling 'n verdere vrywillige toets kan aandurf sal ook bepaal word volgens die resultate van die eerste toets wat hy op 'n vrywillige grondslag aflê.



Alle vakleerling wat nie 'n vaktoets op 'n vrywillige grondslag gedurende hulle leertyd kan slaag nie of wat vanweë hulle onvermoë om die minimum tegniese kwalifikasies (soos reeds genoem N2) te behaal, en nie vir so 'n toets in aanmerking kom nie, moet ongeveer drie maande voor die normale verstrykingsdatum van sy kontrak, 'n verpligte praktiese ambagstoets ondergaan. Slegs diegene wat hierdie verpligte toets óf 'n vrywillige toets slaag, se kontrak word te dien effekte geëndosseer.

Indien 'n vakleerling 'n ernstige oortreding van die bepalings van die kontrak of van 'n leervoorswaarde begaan het, kan 'n werkgewer hom onmiddellik in sy diens skors vir 'n tydperk van hoogstens die aantal dae waarop daar gewoonlik in 'n week in die betrokke nywerheid gewerk word, of so 'n verdere tydperk as wat die betrokke komitee van tyd tot tyd mag toestaan. Die komitee of onderkomitee moet binne drie dae daarvan skriftelik in kennis gestel word, waarna die skorsing ondersoek word en die komitee of onderkomitee dit kan bekragtig, wysig of vernietig, na gelang van omstandighede. Indien 'n werkgewer of vakleerling hom deur sodanige beslissing veronreg voel of die komitee of onderkomitee versuim om binne 30 dae 'n beslissing te gee, kan hy hom binne 30 dae na die beslissing of sodanige versuiming op die Registrateur beroep. Alvorens die Registrateur tot 'n beslissing geraak, moet hy eers die komitee of onderkomitee raadpleeg. Gedurende die skorsing bly die vakleerling onder verpligting om die voorgeskrewe tegniese klasse by te woon of korrespondensiekursus te volg. Die Registrateur self is by magte om 'n skorsing van hoogstens 30 werksdae te gelas na raadpleging met die betrokke komitee of onderkomitee, indien die leerling wie se handelswyse 'n skorsing regverdig, nie deur sy werkgewer geskors is nie. Ook kan hy sodanige bevoegdhede aan 'n komitee delegeer. Artikel 28(1) bis. (b)(i).

'n Vakleerling moet die volle leertyd uitdien wat hy volgens 'n leervoorswaarde, voorgeskryf kragtens sub-artikel (2) of (3) van genoemde artikel, en daardie tydperk moet verleng word met een dag vir iedere gewone werksdag waarop die vakleerling uit sy werk afwesig is.

Behalwe in die geval van skorsing, moet die werkgewer binne 7 dae vanaf die datum van die afwesigheid of die datum waarop die tydperk van afwesigheid geëindig het, die betrokke komitee van sodanige afwesigheid in kennis stel.

In die geval van 'n skorsing wat nie deur die komitee bekragtig word nie of 'n appél wat ter syde gestel word en die vakleerling aansoek doen dat die tydperk nie ingewerk hoef te word nie, kan die Registrateur, na raadpleging met die betrokke komitee die aansoek toestaan of weier of gelas dat die vakleerling slegs 'n gedeelte van die tydperk van afwesigheid moet inwerk. So ook kan die Registrateur gelas dat die leertyd verleng word met hoogstens

een dag ten opsigte van iedere dag waarop, volgens die oordeel van die Registrateur, die vakleerling versuim het om 'n leervoorwaarde na te kom en een dag vir iedere dag wat die vakleerling sonder grondige rede, versuim het om 'n verpligte voltydse tegniese opleidingskursus by te woon.

'n Kontrak kan ontbind word óf (a) deur onderlinge ooreenkoms van die betrokke partye en met die toestemming van die Registrateur óf (b) deur die Registrateur, na raadpleging met die betrokke komitee uit eie beweging of op versoek van enige party, indien hy oortuig is dat dit geregverdig is. In die geval van (a) hoef die komitee nie geraadpleeg te word nie.

Wanneer besonderhede oorspronklik foutief vir 'n kontrak aangetoon is, bv. waar 'n leerling nie 'n korting waarop hy geregtig is, toegestaan is nie, kan die saak nadat die betrokke komitee geraadpleeg is, deur die uitreiking van 'n sertifikaat reggestel word. Waar 'n fout egter in 'n latere stadium ingesluit het bv. waar 'n vakleerling sê vanaf sy tweede jaar in 'n ander ambag opgelei is, kan dit geskied slegs deur die ontbinding van die bestaande kontrak en die aangaan van 'n nuwe een.

Mits alle partye akkoord gaan en na raadpleging met die betrokke komitee(s) kan die Registrateur toestemming verleen dat die regte en verpligtinge van 'n werkgewer aan 'n ander gebied, in diens van dieselfde werkgewer oorgeplaas word. Sodanige oorplasing mag nie die gevolg hê dat 'n vakleerling se besoldiging enigsins verminder word nie.

Indien 'n werkgewer om enige rede buite sy beheer nie instaat is om 'n vakleerling van werk of opleiding gedurende sy gewone werkure te voorsien nie, kan die Registrateur, na raadpleging met die betrokke komitee, dit skriftelik magtig, onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag bepaal, mits die lone van die leerling nie verminder word nie. Die Registrateur kan op dieselfde wyse die lening van 'n vakleerling se dienste aan 'n ander werkgewer magtig.

Die Opleiding van Vakmanne (Wet No. 38 van 1951) was gepromulgeer in die Buitengewone Staatskoerant No. 4621 van 1 Junie 1951. Die doel van hierdie Wet was om te voorsien vir die opleiding van persone, anders dan minderjariges, as vakmanne, waar daar 'n ernstige tekort aan vakmanne is, ook vir die erkenning van geskoolde persone as vakmanne en vir sake bykomstig daarmee. In kort, maak hierdie Wet voorsiening vir die opleiding en vakoetsing van sekere groepe van meerderjariges met die oog op vakmansstatus om sodoende die geskoolde arbeidsmag aan te vul.

Die Wet bepaal dat wanneer die Minister oortuig is, dat as gevolg van 'n ernstige tekort aan vakmanne in enige bedryf, en dit in die openbare belang nodig is, reëlings kan tref vir die opleiding van persone ander dan minderjariges, as vakmanne in daardie bedryf, nadat hy oorleg gepleeg het met die Minister van Finansies, die Minister van Nasionale Opvoeding, die Minister

van Vervoer, die Nasionale Vakleerlingraad, die Vakunies en die Werkgewers Organisasies. Die tydperk van opleiding mag gevarieër word sodat 'n leerling by voltooiing van nie minder as agtien maande van sy indiensopleiding, 'n kwalifiserende ambagstoets ondergaan in terme van seksie 2(6) van die Wet, en indien hy suksesvol is, beskou sal word dat hy sy opleiding voltooi het onder die Wet, en 'n Sertifikaat T.A.4, sal aan hom uitgereik word. As hy egter nie suksesvol in die ambagstoets was nie, sal hy nie toegelaat word om weer 'n toets te ondergaan, alvorens hy nie 'n verdere periode van opleiding van nie minder as ses maande voltooi het nie. (3)

Die Minister stel Inspekteurs aan om toe te sien dat die regulasies en voorskrifte van die Wet uitgevoer word. Hierdie inspekteurs reël die ambagstoetse van die leerlinge by die Departement van Nasionale Opvoeding se sentrum te Olifantsfontein. Indien die leerling meer as 60% in sy toets behaal, word 'n Diploma, geteken deur die Registrateur, tesame met 'n afskrif van die ambagstoets-rapport aan die Afdelingsinspekteur gestuur, vir oorhandiging aan die leerling. Indien die leerling in die toets druip word 'n afskrif van die ambagstoets-rapport aan die Afdelingsinspekteur gestuur om oorgedra te word aan die leerling wat die uitslag was, watter persentasie hy behaal het en wanneer hy weer kan aansoek doen vir 'n verdere toets.

#### Evaluering en doeltreffendheid.

Oor die laaste aantal jare is die standaard van praktiese opleiding van vakleerlinge by hulle werk heelwat verhoog. Vakleerling-komitees was ook versigtiger by die keuring van vakleerlingkontrakte en die werkgewer se vermoë om die nodige opleidingsfasiliteite te voorsien.

Wanneer 'n firma aansoek doen om vakleerlinge in diens te neem, word die volgende in ag geneem:

- (a) Die reputasie van die firma as 'n werkgewer.
- (b) Die uitrusting en masjinerie wat gebruik word.
- (c) Die stabiliteit van die firma en sy vermoë om kontinuïteit vir die periode van indiensneming te verseker.
- (d) Aantal vakleerlinge reeds in diens, die onverstreke tyd van hulle kontrakte, die aantal vakmanne wat daar is en die vermoë om nog addisionele vakleerlinge op te lei.
- (e) Die kwaliteit van opleiding wat verskaf word en die vaardigheid van sy vakmanne.
- (f) Die tipe van werk, of dit gevarieerd of herhalend van aard is.

Dit is wenslik dat 'n spesiale gekwalifiseerde vakman afgestaan word wat die opleiding van vakleerling sal onderneem om 'n goeie standaard en



kwaliteit van werk te verseker en 'n sistematiese sisteem van opleiding gevolg word.

Dit is ook noodsaaklik dat alle vakleerlinge saam met hulle praktiese opleiding ook die nodige vakteorie by 'n Tegnieese Kollege moet ontvang, om 'n grondige en wetenskaplike kennis van sy ambag te kan hê.

Voornemende vakleerlinge doen by 'n firma of by die Departement van Arbeid, aansoek om as vakleerling ingeskryf te word. Die Departement van Arbeid reël dan vir 'n aanlegtoets. Indien 'n firma hom dat in diens wil neem, doen hy aansoek by die Vakleerling-komitee vir 'n kontrak. Die Vakleerlingkomitee en die Registrateur het nou die mag om die aansoek goed te keur, of af te keur as die aanlegtoets bewys dat die aansoeker nie geskik blyk te wees vir die tipe van werk nie. Op hierdie manier oefen hulle dus indirek 'n kontrole uit oor die keuring van vakleerlinge.

Georganiseerde arbeid is egter baie ten gunste van 'n stelsel van sistematiese opleidingskemas omdat dit 'n meer ekonomiese vorm van opleiding is en besparing meebring by items soos gereedskap, materiaal en onderdele, uitrusting en instruktorspersoneel, en dit nie net beperk moet bly tot die opleiding van die vakleerling nie, maar ook verdere opleiding van die gekwalifiseerde ambagsman of vakman moet insluit. Verder is dit wenslik dat die finale stadium van opleiding moet plaasvind onder die werklike werksomstandighede waar hy sal moet werk.

In Suid-Afrika word daar nou in 'n toenemende mate voorsien vir gespesialiseerde indiensopleiding deur die groter ondernemings soos die S.A.S. en H., die Poskantoor, Myne, Yskor, Sasol, E.V.Kom ens. Behalwe dat die vakleerlinge die teoretiese opleiding by die Tegnieese Kolleges ontvang, word daar nog een- of tweekeer per week, klasse by die werk ook aangebied met betrekking tot die teoretiese kennis wat direk in verband staan met hulle praktiese werk.


Indiensopleiding het ook sy beperkinge, omdat die meeste kleinere firmas nie 'n opleidingskema kan aanpak nie en alleen die groter organisasies dit kan bekostig. Dan word daar onder moderne kompetisie ook groot druk uitgeoefen vir onmiddellike produksie wat meebring dat voormanne en geskoolde vakmanne moeilik afgestaan kan word om met die opleiding te help, aangesien hulle spesifiek in diens geneem is en betaal word vir produksie.

Baie kan nog gedoen word om indiensopleidingsfasiliteite te verbeter en beperkinge te oorkom wanneer dit as 'n gesamentlike projek deur die belanghebbende partye, naamlik die georganiseerde arbeid en die onderwysinstansies, beplan word. Dan kan daar beplan word dat elke vakleerling die essensiële opleiding vir die mees effektiewe werkverrigting van sy eie werk ontvang, asook 'n begrip van die produktiewe werking van die organisasie as



# Grafiek No. 1.

## Jeugdige Werknemers Indiensplasing as Vakleerlinge



n geheel. Ook dat hy sy tegniese vaardigheid tot die hoogste van sy vermoë kan ontwikkel, en voorsiening van aanpassingskursusse wat nodig word met die verandering in tegnologiese ontwikkeling. Dit kan meebring dat die industrieë en die onderwys so nou sal moet saamwerk dat die onderwysinstansies bv. n onderwyser of n lektor op die aanleg self sal moet aanstel om toesig te hou oor die praktiese werk wat die vakleerling daar verrig.

c. Besetting van die arbeidsmark.

Die arbeidsmark van die Republiek is volgens die Departement van Arbeid in 9 gebiede ingedeel. Elkeen van hierdie gebiede, wat as n inspektoraat bekend staan, word bedien deur n Afdelingsinspekteur van Arbeid, wat vir die toepassing van die toepaslike wette in sy inspektoraat verantwoordelik is. Die kantore van die afdelingsinspekteurs is in die hoofnywerheidsentrums geleë met takkantore in elke gebied, waar die publiek om hulp kan aanklop.

Die nege gebiede is:

1. Noord-Transvaal met hoofkantoor in Pretoria.
2. Suid-Transvaal met hoofkantoor in Johannesburg.
3. O.V.S. met hoofkantoor in Bloemfontein.
4. Natal met hoofkantoor in Durban.
5. Grensgebied en Transkei met hoofkantoor in Oos-Londen en takkantore in Queenstown en King Williamstown.
6. Oos-Kaapland met hoofkantoor in Port Elizabeth.
7. Suid-Westelike-Distrikte met hoofkantoor in George.
8. Wes-Kaapland met hoofkantoor in Kaapstad.
9. Noord-Kaapland met hoofkantoor in Kimberley.

Voornemende vakleerling is volgens wet verplig om by die Departement van Arbeid vir werk te registreer. Aan hulle word nou eers beroepsvoorsiening voorsien en dan word hulle ook aan n aanlegtoets onderwerp.

Wat die werksverskaffing, in-diensplasing en die besetting van die arbeidsmark betref (sien grafiek No. 1) het in 1966 volgens statistieke, die geskoolde beroepe die vernaamste arbeidsveld vir manlike jeugdige gebied. In hierdie jaar is daar 72% van die getal wat vir werk geregistreer het, in diens geplaas as vakleerlinge. Naastenby die helfte van die vroulike jeugdige is in klerikale beroepe en 20% as vakleerlinge in die haarkappersbedryf in diens geplaas. (4)

In 1969 is daar altesaam 11402 seuns gedurende die jaar in diens geplaas. Van hierdie getal is 9250 of 81% as vakleerlinge ingeboek en 8% in klerklike beroepe opgeneem. n Betreklike klein persentasie is in



professionele, semi-professionele en tegniese beroepe en in openbare, persoonlike en huishoudelike diensberoepe geabsorbeer.

Die plasing syfers vir dogters was 4627. Van hierdie totaal het 53% klerklike betrekkings van een of ander aard aanvaar, 22% het vakleerlingskap aanvaar hoofsaaklik as haarkapsters, 8% is in handelsberoepe geplaas, 6% in openbare, persoonlike en huishoudelike diensberoepe en 5% as operateurs en halfgeskoolde werkers. 2% is in professionele, semi-professionele en tegniese beroepe geplaas en 'n verdere 2% in ongeskoolde beroepe.

Gedurende hierdie jaar was daar altesaam aan 4260 vakleerlinge beroepsvoorligting voorsien en aan aanlegtoetse onderwerp. (5)

In 1970 het die geskoolde beroepe weereens die vernaamste arbeidsveld vir manlike jeugdiges gebied. In hierdie jaar is 84% van die getal manlike jeugdiges wat by die Departement van Arbeid vir werk geregistreer het, as vakleerlinge in diens geplaas. Naastenby 58% van die vroulike jeugdiges is in klerklike beroepe, 17% as vakleerlinge in die haarkappersbedryf en 8% in handelsberoepe geplaas. (6)

Gedurende 1971 is daar gemiddeld 1035 blanke jeugdiges maandeliks in diens geplaas. Die geskoolde beroepe was ook hier die gewildste by die manlike jeugdiges en 88% is as vakleerlinge in diens geplaas. Ongeveer 51% van die vroulike jeugdiges is in klerklike beroepe in diens geplaas, 22% as vakleerlinge in die haarkappersbedryf en 8% in handelsberoepe. (7)

Gedurende 1972 is daar ook gemiddeld 968 blanke jeugdiges maandeliks in diens geplaas. Manlike jeugdiges het soos in die verlede, aangedring op plasing in die geskoolde beroepe en 90% is as vakleerlinge in diens geplaas, terwyl vroulike jeugdiges meer belangstelling getoon het in die klerklike beroepe nl. 58%. 14% van die vroulike jeugdiges is in handelsberoepe geplaas en 25% as na die haarkappersbedryf vir indiensneming as vakleerlinge verwys. (8)

- 
- (1) Die ses Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys is:  
Pretoria, Johannesburg (Witwatersrand), Vanderbijlpark  
(Vaaltriehoek), Durban, Kaapstad en Port Elizabeth
  - (2) Verskillende opleidingsregisters verkry by die Departement van Arbeid.
  - (3) "Conditions of Training - Government Notice No. R818 in Government Gazette No. 803 of the 29th May, 1964, as amended by Government Notices Nos. R553, published in Government Gazette No. 1419 (Regulation Gazette No. 645 of the 7th April, 1966 and R1861 of the 24th November, 1971."
  - (4) Verslag van die Dept. van Arbeid 1966, Bl.2.

- (5) Verslag van die Departement van Arbeid 1969, Bl.2.
- (6) Verslag van die Departement van Arbeid 1970, Bl.3.
- (7) Verslag van die Departement van Arbeid 1971, Bl.1.
- (8) Verslag van die Departement van Arbeid 1972, Bl.2.

#### HOOFSTUK 4.

##### Die aanvraag en aanbod van vakleerlinge in die verskillende rigtings en op verskillende vlakke.

Die aanhoudende verandering in die patroon van die moderne beroepslewe gee aan die beroep self, aan die aanbod en aanvraag, asook aan indiensneming 'n dinamiese karakter, wat dit noodsaaklik maak om die neiginge in die sosio-ekonomiese struktuur in verband te bring en aanpassings te maak vir die veranderbaarheid van die beroepsaanvraag.

Wanneer die behoefte vir 'n verandering duidelik blyk, moet onmiddellike regstellings gedoen word om die arbeidsmark so gou moontlik effektief aan te pas by die veranderde eise van die ekonomiesestelsel.

Soos bekend, vereis die nywerheid en handel 'n wye verskeidenheid van voorbereiding vir verskillende grade of kategorieë, omdat die sukses van elke onderneming afhang van die effektiewe arbeidspotensiaal tot sy beskikking.

Met die vinnige ontwikkeling van die tegnologie word verwag dat die aantal betrekkings in die semi-geskoolde beroepe sal styg, maar terselfdertyd sal daar 'n afname wees in die aantal betrekkings van beide die hoogs-geskoolde en die totaal ongeskoolde groepe. 'n Groot aantal semi-geskoolde werkers benodig slegs 'n paar weke of maande se opleiding by die werk om die nodige manipulerende bekwaamheid te bereik en is 'n lang en omvattende opleiding dus onnodig.

Tegnologiese ontwikkeling het betekenisvolle veranderinge teweeggebring in verband met die gebruik en groepering van arbeid bv. by die industrieë waar masjiene gebou word soos motors, implemente, vliegtuie ens., waar die produksie gestandaardiseer is en op 'n groot skaal plaasvind en die handvervaardigingsprosesse nou uitgesluit is. Hier word 'n groot aantal hoogs-opgeleide vakmanne en ingenieurs benodig, terwyl die arbeiders wat in die produksieprosesse gebruik word die nodige vaardigheid verkry deur hulle daaglikse kontak met 'n spesifieke onderafdeling van die werk of 'n sekere spesifieke werksverrigting.

By industrieë soos vir tekstiel, klerasie, skoene, houtwerk, voedsel, tabak ens. waar semi-outomatiese masjiene gebruik word in gespesialiseerde prosesse, is die vaardigheid van die werker nie 'n groot vereiste nie. Die werker het maar 'n kort periode van opleiding nodig om 'n enkele bewerking of 'n beperkte aantal bewerkings te leer.

By ander industrieë soos die ingenieurs- en aanverwante bedrywe, skeepsbou, drukkerie, instrumentasie ens. word daar weer 'n groot gedeelte van werkers benodig wat 'n alsydige kennis en handvaardigheid besit.

Alhoewel baie van die werk in die vervaardigingsbedrywe deur operateurs gedoen kan word, is die organisasie van die produksie alleen moontlik, as daar

ook baie hoogs-geskoolde werkers is, wat bevoeg is om die moeilike en delikate werk te onderneem soos om die masjiene te installeer, in te stel op produksie en om outomatiese masjiene te reguleer en aan te pas. Vir hierdie werkers is deeglike opleiding wel nodig.

Met die toenemende differensiasie en spesialisasie van prosesse, sal steeds meer masjiene uitgevind word en soos die tegnologie ontwikkel, sal daar ook proporsioneel 'n groter aanvraag wees vir hoogsopgeleide vakmanne. Hierdie aanvraag is reeds oral waarneembaar in die hoogs-geïndustrialiseerde lande.

Dit is dus duidelik dat tegniese- en wetenskaplike ontwikkeling 'n deurslaggewende rol speel in die samestelling van die arbeids-struktuur van alle geïndustrialiseerde lande. 'n Gedurige verandering in die vaardigheid en kennis wat benodig word vir die verskillende beroepe in die moderne ekonomie, maak 'n her-indeling van die arbeidsgroepe noodsaaklik asook beter opleiding en hoër tegniese kennis van die werker.

Die nywerheidsindeling van die ekonomiese-bedrywige bevolking vertoon ook deurgaans 'n geleidelike verskuiwing van die primêre na die sekondêre en tersiêre sektore. Die blankes se verskuiwing na die tersiêre sektor is veral baie duidelik, terwyl die nie-blankes hoofsaaklik uit die primêre sektor na die sekondêre sektor opskuif.

a. Analise van die vraag en aanbod van vakleerling in die verskillende rigtings.

Daar is talle rigtings waarin vakleerlinge opgelei en voorberei word as vakmanne. Hierdie rigtings word hoofsaaklik bepaal deur die aanvraag wat daar by die verskillende soorte van nywerhede bestaan vir vakleerlinge.


Die volgende tipes van nywerhede of nywerheidsgroepe is geregistreer en neem almal vakleerlinge in diens vir opleiding, waaruit die verskillende rigtings duidelik aangetoon word. (1)

1. Drukkersnywerheid
2. Elektrisiteitleweringstrywerheid
3. Haarkappersbedryf
4. Meubelbedryf
5. Metaalbedryf
6. Motornywerheid
7. Springstof- en verwante nywerhede
8. Staatsondernemings
9. Tikmasjien- en Kantoortoestelle-nywerheid
10. Boubedryf
11. Bou-, werktuigkundige- en Elektrotegniese- Ingenieursnywerhede
12. Lugvaart- en lugruimnywerheid



Grafiek No. 2

Totale Aantal Vakleerlingkontrakte Jaarlijks Geregistreer.



13. Diamantslypnywerheid
14. Graanmaalnywerheid
15. Spoorwegondernemings
16. Juweliers- en Goudsmedenywerheid
17. Suikervervaardigingsnywerheid en Raffinering
18. Mynnywerheid
19. Bak en Banketnywerheid
20. Leernywerheid
21. Rytuigmakery
22. Steenskoolmyne
23. S.A.S. en H.
24. Voedselnywerhede (Slagterye)

In Bylaag 8 word 'n volledige lys gegee van die getal kontrakte wat jaarliks vanaf 1963 geregistreer is in die verskillende nywerhede, ingevolge die Wet op Vakleerlinge. (2)

Hiervolgens kan gesien word hoe die verspreiding van die vakleerlinge in die verskillende rigtings was deur die getalle vir die verskillende nywerhede te vergelyk. Eerstens sien ons dat die totale aantal kontrakte in 1963 geregistreer, was 6611, wat 'n vinnige toename en geleidelike styging gedurende die volgende drie jaar daarna getoon het en amper verdubbel het in 1966 tot 11285. Daarna was daar weer 'n weinige afname tot 1970 en toe weer 'n styging tot 11363 in 1972 - sien Grafiek No. 2.

Hierdie geregistreerde kontrakte gee vir ons die aanbod van vakleerlinge op die arbeidsmark vir die jare 1963 tot 1972. Gedurende hierdie tien jaar was daar dus 'n aansienlike styging van 71,9% in die aanbod as geheel gewees. Hierdie styging in die aanbod van vakleerlinge is veroorsaak deur die ekonomiese groei en uitbreiding van ons nywerhede, maar ten spyte van hierdie groter aanbod kon daar nie in een van hierdie tien jare aan die vraag na vakleerlinge voldoen word nie, en het die vraag in al die verskillende rigtings steeds die aanbod daarvan oortref. Hierdie bewering word gestaaf deur ondersoek na die geskoolde mannekrag posisie by die verskillende nywerhede, (3) waar elke tipe van nywerheid in hulle verslae gereeld melding maak van die tekort aan opgeleide vakmanne en bevestig dat 'n groot persentasie van semi-geskoolde werkers gebruik word om geskoolde werk en werk bo hulle opleidingspeil te moet behartig asook van professionele ingenieurs wat weer belas word met werkverrigtinge op 'n laer vlak as wat van hulle professionele status verwag word.

Gedurende 1965 is nie minder nie as 30,15% meer kontrakte as in die vorige jaar geregistreer, terwyl 19,1% meer kontrakte gedurende 1966 as in 1965 en 78,9% meer as in 1962 geregistreer is. Die Spoorwegadministrasie het daarin




### Grafiek No. 3.

Kontrakte Jaarliks Geregistrees in :

(i) Metaal-Ingenieursnywerhede

(ii) Motornywerheid

(iii) S. A. S.



geslaag om gedurende 1966 meer as tweekeer soveel vakleerlinge as gedurende die vorige jaar, in te boek, nl. 2001 in 1966 teenoor 984 in 1965, maar daarna was daar weer 'n skerp daling in 1967, met 'n skommelende styging en daling tot in 1972 toe 1720 vakleerlinge ingeboek is, maar die rekordgetal van 1966 kon nie weer bereik word nie - sien Grafiek No. 3.

Die gewildste twee rigtings bly steeds die Metaal-Ingenieursnywerhede en die Motornywerheid, wat in 1972 'n totaal van 2970 en 2358 vakleerlinge respektiewelik ingeboek het, en wat saam byna die helfte van die totale aantal vakleerlinge in al die verskillende rigtings verteenwoordig. In die rytuig-makery is sedert 1963 geen vakleerlinge ingeboek nie en die opleiding van vakleerlinge is sedertdien in hierdie rigting gestaak, netso ook in die leerbedryf wat sedert die 5 in 1963 en die Bak en Banketbedryf sedert die 1 in 1965, geen verdere vakleerlinge meer opgelei het nie.

Die ander rigtings wat baie min vakleerlinge oplei en swak verteenwoordig is, is die Graanmaalbedryf wat gemiddeld nie eers ,01% van die totaal is nie, die Voedsel- (Slagterye)- bedryf wat sedert 1963 'n geleidelike afname getoon het en in 1972 ook nie ,01% van die totaal was nie.

Die Diamantslyperye, Elektrisiteitsvoorsiening, Juweliers en Goudsmede, Springstowwe- en verwante nywerhede, Steenkoolmyne, Suikervervaardiging en Raffinering, Tikmasjiene- en Kantoortoestelle, is almal rigtings wat 'n inname van minder as 1% van die totale aantal vakleerlinge verteenwoordig. Hierteenoor het die rigting van Lugvaart en Lugruim vanaf 1969 met 3 vakleerlinge geweldig opgeskiet na 269 vakleerlinge in 1972, wat moontlik toegeskryf kan word aan die deurbraak met die ruimte-reise en die maanlandings wat die belangstelling in hierdie rigting laat toeneem het.

In Bylaag 10, kry ons die inname van vakleerlinge van die S.A.S. oor die tien jaar vanaf 1965 tot 1974 in die Grensgebied. As 'n enkele onderneming is die S.A.S. die grootste indiense nemer van vakleerlinge in die Grensgebied. Daar sal ook opgemerk word dat in die statistieke van Bylaag 8, die S.A.S. se gegewens apart gegee word omdat hulle as 'n aparte onderneming funksioneer en nie onder die Departement van Arbeid se administrasie ressorteer nie.

By die S.A.S. word die vakleerling in die drie hoofrigtings geklassifiseer, naamlik Meganies, Elektries en Siviël, wat hoofsaaklik sorteer onder die rigtings van die Metaal-, die Bou-, Werktuigkundige- en Elektrotegniese- Ingenieursnywerhede. As die inname van die vakleerlinge oor die tien jaar vergelyk word toon dit geen noemenswaardige vermeerdering of vermindering van jaar tot jaar nie met 'n totaal van 413 in die Meganieserigting, 341 in die Elektrieserigting en 232 in die Sivielerigting.

Netso kan dan ook afgelei word dat volgens die statistiek van Bylaag 8, waar die Metaal- en Ingenieursrigting die grootste inname van vakleerlinge

getoon het, dit ook in die rangorde van Meganies, Elektries en Siviël sal wees.

Nog 'n ander onderneming in die Grensgebied wie se gegewens apart verstrek word is die van EVKOM (Sien Bylaag 11). By EVKOM word hoofsaaklik net die twee rigtings, Elektries en Meganies aangebied. Die inname van EVKOM in die Grensgebied het oor die jare van 1966 tot 1970 min of meer konstant gebly, terwyl daar vanaf 1971 tot 1974 'n merkbare toename was in die getal vakleerlinge wat ingeboek was, moontlik a.g.v. hoër lone en die spesiale opleidingsgeriewe te Rosherville. Die verhouding van die totale van 83 Elektries teenoor 68 Meganies dui natuurlik aan dat EVKOM hoofsaaklik op die elektriese rigting ingestel is.

Verdere navorsing in verband met die verskillende rigtings, is gedoen deur 'n ontleding van die hoof studie-rigtings van vakleerlinge wat by die Oos-Londense Tegniese Kollege ingeskryf het, volgens die voltydse groepopleidingstelsel van 1971 tot 1973. (Sien Bylaag 12). Hier is gevind dat tegniese onderrig aan die vakleerling hoofsaaklik gegee is in die rigtings van Motor, Elektries, Meganies, Diesel-elektries en Bouers. As hierdie rigtings ontleed word vind ons dat daar 'n redelike toename in elke rigting was behalwe in die meganiese rigting waar daar 'n onverklaarbare vermindering te bespeur is, maar in rangorde volgens getalle is die rigtings dan Elektries, Meganies, Diesel-elektries, Motor en Bou. Dit moet egter gemeld word dat dié Diesel-elektriese rigting 'n spesiale rigting hier is, omdat die Spoorweë vir Oos-Londen hulle hoof-depot vir Diesel-lokomotiewe gemaak het vir die Oos-Kaapse- en Natalse streke, en die opleiding dus hier plaasvind. Die totale inskrywing van vakleerlinge toon ook 'n merkbare toename van 199 in 1971 tot 283 in 1973.

Soos voorafgaande aantoon is die ontleding alleen op 'n breë grondslag van rigtings of bedrywe-groepe gedoen. As ons bv. die metaal- en ingenieurs-bedrywegroep neem, dan sluit dit in: die yster-, staal- en metallurgiese nywerhede, die elektriese ingenieursbedryf wat ook radio, televisie- en elektroniese rigtings behels, die hysbak- en roltrapnywerheid, die plastiek-bedryf, en algemene ingenieursnywerhede, wat elkeen nog verder onderverdeel kan word.

Om 'n beter idee van die onderverdeling te kry neem ons bv. die Federasie van Staal- en Ingenieursnywerhede van S.A. (SEIFSA) en vind dat daar net by hulle alleen 44 erkende vakleerlingskappe aangebied word waaruit gekies kan word. (4) Daarom is dit haas 'n onbegonne taak om binne die bestek van hierdie hoofstuk die vakleerlingskappe van elke bedrywe-groep in besonderhede te gee, en as voorbeeld word nou die 44 vakleerlingskappe van SEIFSA in Bylaag 13 aangeheg.



Grafiek No. 4


Obvpedkundige Kwalifikasies van Jeugdige Werkers (1969 en 1972)

Alle Jeugdige  
Vakleerlinge

Manlik

1969

1972





Opsommend kan gesê word dat die aanbod van vakleerlinge in die verskillende rigtings n konstante styging oor die afgelope tien jaar getoon het, met n definitiewe voorkeur vir die metaal-, ingenieurs- en motor-bedrywe, maar nieteenstaande n hoër aanbod, daar volgens verslae, die behoefte van die vraag na vakleerlinge nie naastenby bevredig kon word nie en tekorte aan ambagsmanne in al die verskillende rigtings nog ondervind word.

b. Analise van vakleerlinge volgens opvoedkundige kwalifikasies.

Die onderwyspeil wat benodig word vir vakleerlingskap is St. 7 of hoër. In sommige uitsonderlike gevalle sal leerlinge met n laer onderwyspeil vir sekere vakleerlingskappe aanvaar word.

Onderwyskwalifikasies kan gedurende vakleerlingskap verbeter word, omdat terwyl hulle opgelei word, hulle 10 weke per jaar n tegniese kollege moet bywoon met volle betaling as vakleerlinge, en dan deur verdere studie kan voortgaan totdat hulle die beroepsingenieurs status verwerf het. Tegniese toelae is ook ingestel vir sertifikate wat bekom word voor of gedurende vakleerlingskap om verdere studie aan te moedig, asook in sommige bedrywe n bonus vir vol sertifikate wat verwerf word as n voltydse groepvrystellingskursus by n tegniese kollege bygewoon was.

Die opvoedkundige kwalifikasies van vakleerlinge wie se kontrakte vanaf 1969 - 1972 geregistreer is word in Bylaag 14 gegee. (5)

n Ontleding van die opvoedkundige kwalifikasies gedurende 1969 van 11402 seuns wat in diens geplaas is, toon aan dat 12% van die seuns oor St. 10 of hoër kwalifikasie beskik het, 52% oor n St. 8 of 9 sertifikaat, terwyl 35% in die St. 6 of 7 eksamen geslaag het. Slegs 1% het oor opvoedkundige kwalifikasies laer as St. 6 beskik. Van die 4627 dogters wat in diens geplaas is het 20% oor n St. 10 of hoër kwalifikasie beskik, 47% het óf St. 8 óf St. 9 voltooi, terwyl 31% in die St. 7 groep was. Slegs 2% het beskik oor opvoedkundige kwalifikasies laer as St. 6. (6) (Sien Grafiek No. 4)

Van hierdie groep in 1969 is 81% van die seuns en 22% van die dogters as vakleerlinge ingeboek, wat gesamentlik n totaal van 9473 gegee het.

n Ontleding van die opvoedkundige kwalifikasies van hierdie groep van vakleerlinge (seuns en dogters) toon aan dat 18% n St. 9 of 10 of hoër sertifikaat besit het, 46% het die Juniorsertifikaat of St. 8-sertifikaat behaal, 25% het die minimum voorgeskrewe kwalifikasie van St. 7 besit, 11% het St. 6 terwyl 1% laer as n St. 6-kwalifikasie besit het. (7)


Met verpligte onderwys tot op die ouderdom van 16 jaar kan dit aanvaar word dat die groepe met opvoedkundige kwalifikasies laer as St. 8, kinders is wat verstandelik minder begaafd is.

Met n vergelyking van hierdie twee statistiese opgawes in 1969, word



# Grafiek No. 5

Opvoedkundige kwalifikasies van Vakleerlinge wie se kontrakte van 1969-1972 geregistreer is.



opgemerk, dat alhoewel die indeling van die opvoedkundige kwalifikasies van die twee statistieke verskil, daar wel die gevolgtrekking gemaak kan word dat seuns en dogters wat gedurende hierdie jaar in diens geplaas is en wat oor kwalifikasies van St. 10 of hoër beskik het, hoofsaaklik in die klerklike rigting in diens geneem is, omdat die meeste gematrikuleerde leerlinge wat gaan werk het 'n akademiese opleiding en nie 'n tegniese opleiding gehad het nie. Die laer gekwalifiseerde groepe van St. 7 tot St. 9 het weer hoofsaaklik as vakleerlinge in diens getree.

Die volgende opname is toe weer in 1972 gedoen, en hier is gevind dat van die manlike jeugdige 90% as vakleerlinge in diens geplaas is terwyl net 25% van die vroulike jeugdige na die haarkappersbedryf vir indiensneming as vakleerlinge verwys is. Hulle opvoedkundige kwalifikasies in die geheel geneem, toon aan dat 15% van die dogters tydens aanmelding oor 'n St. 10 of hoër opvoedkundige kwalifikasie beskik het, teenoor slegs 9% in die geval van die seuns. Van die seuns het egter weer 55% in die St. 8 of 9 geslaag teenoor 52% van die dogters. (8)

Die opname van die vakleerlinge in 1972 toon aan dat daar gedurende hierdie jaar 11363 kontrakte geregistreer is. Hiervan het daat 2368 of 21% van die vakleerlinge, seuns en dogters, 'n kwalifikasie van St. 9 - 10 of hoër besit het, 5147 of 45% 'n St. 8 of Juniorsertifikaat, 2573 of 23% 'n St. 7 sertifikaat, 1180 of 10% 'n St. 6 sertifikaat besit, terwyl 95 of ,8% 'n kwalifikasie onder St. 6 besit het. (9)


In Bylaag 14 word 'n opsomming van die opvoedkundige kwalifikasies van vakleerlinge vir die jare 1969 - 1972 gegee. Dit toon die minimum voorgeskrewe opvoedkundige kwalifikasie wat elke nywerheidsgroep vir sy vakleerlinge stel. Daarna volg die opsommings vir onder St. 6, en dan St. 6 tot St. 10. Hierdie groep is hoofsaaklik leerlinge wat van die provinsiale skole af kom. Die volgende groep is die Nasionale Sertifikate en is leerlinge wat hoofsaaklik van die Hoër Tegniese Skole en Nywerheidskole af kom, asook die wat deelyds gestudeer het, terwyl die N-sertifikate by die Tegniese Kolleges behaal word met N1 ekwivalent aan St. 8, N2 aan St. 9, N3 aan Seniorsertifikaat en N4 - N5 na-matrikulasiestandaard.

By ontleding van hierdie statistiese gegewens vind ons dat 'n groot totaal van 43139 vakleerlingkontrakte oor die jare 1969 - 72 geregistreer is. Hiervan is die grootste aantal in die St. 8- of Juniorsertifikaat-groep nl. 19088 of 44% (sien grafiek No. 5), die tweede hoogste is die St. 7-groep met 10470 of 24% terwyl St. 9 en hoër 8035 of 18,6% is. 'n Interessante verskynsel word hier opgemerk, naamlik dat alhoewel die minimum voorgeskrewe opvoedkundige kwalifikasies van vakleerlinge van die verskillende nywerhede 'n St. 7 - sertifikaat is, daar wel 4689 kontrakte geregistreer is met 'n St. 6 kwalifikasie (10,9%) en 430 met 'n kwalifikasie onder St. 6 (1%).



Grafiek No. 6

Vakleerlingaansoek in die Erensgebied 1968-1973.  
(Uitgesonderd S.P.S en EVKOM.)



Die rede hiervoor is dat die Vakleerlingwet daarvoor voorsiening maak dat in uitsonderlike gevalle, leerlinge met 'n laer onderwyspeil wel vir sekere vakleerlingskappe aanvaar kan word. Dit is hoofsaaklik vir verstandelik vertraagde leerlinge wat van die spesiale skole en die nywerheidskole af kom, wat akademies nie kan presteer nie, maar tog in staat is om 'n hoë mate van handvaardigheid te bereik. By hierdie skole word die leerlinge opgelei in ambagte en handvaardige soorte van werke sodat hulle tog produktief in die nywerheid gebruik kan word. Ons merk dan ook op dat hierdie groep hoofsaaklik in daardie tipe van nywerhede gebruik word waar hulle hande-arbeid kan verrig, en volgens die statistieke kan ons aflei dat dit in die boubedryf as messelaars is, die haarkapsterbedryf, die metaal-, ingenieurs- bedryf as passers en draaiers, die meubelbedryf as skrynwerkers, die motorbedryf vir duikkloppers en spuitverf, die myne en die spoorweë.

Weereens merk ons op dat die vernaamste rigtings die metaal-ingenieurs is met 10656, die motorbedryf met 8438, die boubedryf met 7141 en die S.A.S. met 6237.

c. 'n Ekonomiese analise vir die vraag na vakleerlinge in die Grensgebied.

On 'n analise van die gegewens vir die Grensgebied te maak was dit nodig om die statistieke te beperk tot die streekkantoor van die Departement van Arbeid te Oos-Londen en die gegewens van die twee grootste individuele ondernemings in die Grensgebied, naamlik die S.A.S. en EVKOM. Verder word die inskrywings van vakleerlinge by die plaaslike Tegniese Kollege van Oos-Londen geneem en 'n opname gemaak van al die werkgewers of al die ondernemings wat in die Grensgebied by die plaaslike streekkantoor van Departement van Arbeid hier geregistreer is.

Volgens die Departement van Arbeid se streekkantoor te Oos-Londen word die vakleerlinge ingedeel volgens hoofgroepe onder die rigtings van Metaal-, Motor-, Haarkappery-, Bou- en Meubelbedryf. (Sien Bylaag 15). Die Statistieke is ongelukkig net beskikbaar van 1968 af. As ons die aansoeke wat van 1968 ontvang is beskou, merk ons op dat daar oor die ses jaar tot 1973 'n styging van 263 na 380 in die totaal per jaar was wat 'n verhoging of styging van 44% oor die ses jaar verteenwoordig het. Die eerste vier jaar tot 1971 was daar 'n geringe styging maar in 1972 en 1973 was daar 'n veel skerper en hoër styging in die aanbod gewees.

Die groototaal van aansoeke ontvang by hierdie departement oor die ses jaar was 1830 waarvan die grootste aanbod in die motorbedryf was nl. 663 of 36%, tweede was die boubedryf met 529 of 29%, derde die metaalbedryf met 386 of 21%, dan haarkappery met 224 of 12% en laaste die meubelbedryf met slegs 28 of 1,5%. (Sien Grafiek No. 6).





Die S.A.S. (Grensgebied) - Sien Bylaag 10 - se gegewens strek oor die tydperk vanaf 1965 tot 1974 en hulle verdeling is in die ingenieursrigtings van meganies, elektries en siviël. Oor hierdie tien jaar het die totale inname van elke jaar weinig verandering getoon en min of meer konstant gebly. Die totale inname was 986 oor hierdie tydperk, waarvan 413 of 42% in die meganiese rigting was, teenoor 341 of 35% in die elektriese rigting en 232 of 23% in die siviele rigting. Selfs die drie rigtings se jaarlikse inname het ook nie 'n noemenswaardige verandering getoon nie en ook min of meer konstant gebly. As 'n enkele werkgewer in die Grensgebied is die S.A.S. die grootste werkverskaffer en toon hulle inname van vakleerlinge dat hulle amper die helfte van die totale aanbod hier in diens geneem het.

'n Ander onderneming in die Grensgebied wie se statistieke apart verskaf word is die van EVKOM. Hulle gegewens strek oor die tydperk van 1966 tot 1974 en word verdeel in die twee rigtings van Elektries en Meganies. (Sien Bylaag 11). Hulle inname toon 'n konstante styging van 14 in 1966 na 25 in 1974 met 'n totaal van 151 oor die tydperk. Die verdeling van elektries teenoor meganies is 83 of 55% elektries en 68 of 45% meganies.

Met verwysing na die inskrywings van vakleerlinge by die Oos-Londense Tegnieese Kollege, wat ingeskryf was vir tegnieese onderrig, merk ons ook op dat wat getalle betref, daar vanaf 1966 'n drastiese vermindering voorgekom het tot 1971, met 'n skerp styging toe weer in 1972 en 1973. (Bylaag 7). Die studierigtings toon ook aan dat die grootste inskrywing in die elektriese-rigting was (diesel-elektries daarby ingesluit), gevolg daarna deur die meganiese rigting en daarna die motornywerheid (Bylaag 12). Hierdie inskrywings by die Kollege word baie geaffekteer deur die verpligte militêre diensplig wat die vakleerlinge moet ondergaan.

Verder is 'n ontleding gedoen van die aantal werkgewers in die Grensgebied wat geregistreer is by die Departement van Arbeid se streekkantoor te Oos-Londen. (Sien Bylaag 16).

Die streek wat by die Grensgebied betrek word sluit die volgende dorpe in (sien kaart ingesluit): Aliwal Noord, Alice, Barkley-Oos, Berlin, Burgersdorp, Butterworth, Cathcart, Cofimvaba, Dordrecht, Elliot, Engcobo, Fort Beaufort, Idutywa, Jamestown, King Williamstown, Komga, Lady Grey, Maclear, Molteno, Mount Frere, Oos-Londen, Peddie, Port St. Johns, Queenstown, Seymour, Sterkstroom, Stutterheim, Tarkastad, Tsolo, Ugie en Umtata.

Hier vind ons in die motorbedryf 195 geregistreerde werkgewers of firmas (Bylaag 16 en Aanhangsel No. 2) waarvan 59 of 30% in Oos-Londen geleë is. Indien die totale aantal vakleerlinge in die motorbedryf (sien Bylaag 15) van 663 oor die ses jaar, wat 'n gemiddeld van ongeveer 110 per jaar gee, met die 195 geregistreerde werkgewers vergelyk word, kry ons 'n jaarlikse gemiddelde

inname van ,6 vakleerling per werkgewer, met ander woorde, nie eers n gemiddeld van een vakleerling per firma per jaar nie. Hierdie aanbod van minder as een vakleerling per jaar per firma is ver onder die aanvraag na motorvakleerlinge, wat deur die motorfirmas bevestig word dat hulle n ernstige en groot tekort ondervind aan vakleerlinge en gevolglik ook motorwerktuigkundiges. Hierdie bewering is bevestig deur motorhandelaars en garage-eienaars. (10)

In die Metaal-, Ingenieurs- en Hout-bedrywe is daar 194 geregistreeerde werkgewers of firmas (Bylaag 16) met die grootste sametrekking weer in die Oos-Londen - Berlin gebied, naamlik 136 of 70% daarvan.

Die totale inname van vakleerlinge van die Departement van Arbeid vir hierdie streek is 386 vir die Metaalnywerhede, 529 vir die Bou-, en 28 vir die Meubel-bedryf, met n totaal dus van 943 oor die ses jaar en dus n gemiddeld van 157 per jaar. Die S.A.S. het n totaal van 986 oor die tien jaar met n gemiddeld van 99 per jaar en EVKOM met 151 oor nege jaar en n gemiddelde van 17 per jaar. Die totale gemiddelde inname per jaar dus in hierdie rigting vir die Grensgebied is 273. Met 194 geregistreeerde werkgewers of firmas gee dit vir ons n gemiddelde jaarlikse inname van 1,4 vakleerling per firma. Ook hierdie aanbod is ver onder die vraag na vakleerlinge en word ook gestaaf deur die bewerings van die ondernemings dat hulle n ernstige tekort aan vakleerlinge en ambagsmanne ondervind. (11).

Wat die haarkapperbedryf<sup>bedryf</sup>, het ons 54 geregistreeerde werkgewers (Bylaag 16), in die gebied met n aanbod van 224 of n gemiddeld van 37 per jaar (Bylaag 15). Dit is hoofsaaklik dames en hier is die gemiddelde aanbod ook ,7 vakleerling per inrigting. Hier is die tekort volgens die bedryf baie kritiek, weens die feit dat daar so n hoë persentasie arbeidsomset is, omdat so baie van die dames gaan trou voordat hulle hulle vakleerlingskap voltooi het of selfs nadat hulle dit voltooi het en daarna dan nie weer produktief tot die bedryf terugkeer nie.

n Interessante gevolgtrekking wat hier in die Grensgebied gemaak word, na aanleiding van Bylaag 16, is dat van die totaal van 444 geregistreeerde werkgewers (d.i. 442 plus die S.A.S. en EVKOM), die motorbedryf as enkele rigting die veld oorheers en 195 of 44% van die totaal is, terwyl al die ander bedrywe van Metaal-, Ingenieurs-, Bou-, en Houtbedryf, waarby die S.A.S. en EVKOM ingesluit is, saam ook 196 of 44% van die totaal is. Die haarkappersbedryf is 54 of 12% van die totale aantal werkgewers.

Opsommend kan dus beweer word dat:

Eerstens die volle aanbod van vakleerlinge in die Grensgebied elke jaar geabsorbeer word, tweedens dat die aanbod wel in die verskeie rigtings gestyg het, maar nie die verwagte of benodigde styging getoon het nie,



derdens dat die vraag nog steeds die aanbod oortref en daar in elke rigting 'n tekort aan vakleerlinge en opgeleide ambagsmanne ondervind word, vierdens dat die ekonomiese en industriële ontwikkeling in die Grensgebied in die jongste tyd baie versnel het en steeds groter eise in die toekoms gaan stel vir die vraag na vakleerlinge. (12)

Die tendens van die aanbod van vakleerlinge vir die huidige en oor die afgelope tien jaar, toon duidelik dat die arbeidsmark op geen stadium versadig was nie en daar ook nie in die nabye toekoms 'n versadigingspunt bereik sal word nie, met die gevolg dat dit 'n knelpunt in die arbeidsituasie sal bly en stremend sal inwerk op die ekonomie van die Grensgebied.

- 
- (1) Nywerhede wat vakleerlinge in diens kan neem vir opleiding volgens statistieke van die Dept. van Arbeid.
  - (2) Statistieke van die Dept. van Arbeid.
  - (3) Verslag van die Dept. van Arbeid vir die jaar geëindig 31 Desember 1966. Bl. 17.
  - (4) SEIFSA - Loopbaangids tot die Metaal- en Ingenieursnywerhede Bl. 9.
  - (5) Statistieke van die Dept. van Arbeid.
  - (6) Verslag van die Dept. van Arbeid - 1969. Bl. 2.
  - (7) Verslag van die Dept. van Arbeid - 1969. Bl. 21.
  - (8) Verslag van die Dept. van Arbeid - 1972. Bl. 2.
  - (9) Verslag van die Dept. van Arbeid - 1972. Bl. 17.
  - (10) Persoonlike bevestiging ontvang van Motorhandelaars en Garage-eienaars.
  - (11) Persoonlike bevestiging ontvang van Personeelbestuurders van die firmas.
  - (12) Na aanleiding van verklarings van:
    - (i) "East London Chamber of Industries".
    - (ii) "East London Chamber of Commerce".
    - (iii) Die Oos-Londense Afrikaanse Sakekamer.



HOOFSTUK 5

Inskrywings, suksesse en plasinge van Vakleerlinge oor die afgelope tien jaar.

a. Analise van Vakleerlingskapkontrakte

Die vakleerlingskapkontrak is 'n kontrak wat aangegaan word deur die vakleerling, bygestaan deur sy voog, aan die eenkant en die werkgewer aan die anderkant. Hierdie kontrakte word wettiglik geregistreer by die Registrateur van Vakleerlinge en is dan bindend op albei partye. Verder, besonderhede van die bepalings van die vakleerlingskapkontrak en wat dit behels is reeds in hoofstuk 1 behandel.

Die leerling wat van voorneme is om 'n vakleerling te word doen aansoek by 'n spesifieke werkgewer of by sy plaaslike streekkantoor van arbeid, en as die werkgewer of die werkgewer met wie die arbeidskantoor hom in kontak bring, besluit om hom in diens te neem, doen die werkgewer dan aansoek by sy plaaslike Vakleerlingkomitee om die kontrak te registreer, en hierdie komitee stuur dan die kontrak na die Registrateur van Vakleerlinge vir registrasie.

Die indiensneming van 'n vakleerling berus uitsluitlik by die werkgewer, alhoewel die Vakleerlingkomitee en die Registrateur van Vakleerlinge ook by magte is om so 'n kontrak aan te beveel of af te keur. In hierdie verband sê die kommissie wat ondersoek ingestel het na Tegniese- en Beroeps- onderwys die volgende:- "In the present apprenticeship system, the selection of apprentices rests entirely with the employer. A boy who wishes to become an apprentice has to find employment in an establishment which trains apprentices. Having found employment in such an establishment, his chance of becoming an apprentice is entirely dependent on his employer's willingness to apply to the Apprenticeship Committee concerned, for a contract. Normally employers apply for contracts only in respect of juveniles whom they appoint with the intention of filling an apprenticeship vacancy.

The Apprenticeship Committee and the Registrar of Apprenticeships have considerable powers in regard to the sanctioning of apprenticeship contracts. They may, for instance, turn down a contract when the suitability for apprenticeship of the juvenile concerned is in doubt. In exercising this power an apprenticeship committee is thus responsible for what could be called negative selection, that is, keeping out unsuitable applicants. Its work can therefore, exert an influence on the type of boy who becomes an apprentice, in an indirect way". (1)

Nadat die kontrak eers geregistreer is, is die werkgewer verantwoordelik vir die vakleerling se opleiding, en ontvang die vakleerling nou 'n opleidings-

register van sy spesifieke ambag vir sy indiensopleiding by die werk en word daar gereël by 'n tegniese kollege, wat hy dan periodiek vir sy teoretiese studies moet gaan bywoon.

Die opleidingsregisters van die verskillende ambagte verskyn in Bylaag 9 en Aanhangsel No. 1, en hier kan gesien word hoe die praktiese werk wat die vakleerlinge moet verrig stap vir stap uiteengesit is en die hele veld dek oor die jare van sy vakleerlingskap. Die vakleerling moet ook 'n daaglikse rekord hou in 'n logboek, van sy vordering met sy praktiese werk en dit gereeld aan die werkgewer voorlê wat dit weer deurstuur na die Vakleerlingkomitee.

Vir sy teoretiese opleiding word hy elke jaar vir 'n groepvrystellingskursus van tien weke by 'n tegniese kollege ingeskryf waar hy dan voltyds klasse bywoon sonder om na sy werk te gaan. By die kollege ontvang hy dan onderrig in die spesifieke vakke van sy ambag (sien bylaes 1 - 5) en aan die end van die termyn skryf hy dan 'n nasionale eksamen. Die uitslag van sy eksamen word dan aan sy werkgewer en 'n afskrif daarvan aan die Vakleerling-skapkomitee gestuur. Tesame met die eksamenuitslag moet die kollege ook 'n staat voorlê van sy bywoning van klasse, sy vordering en dan 'n aanbeveling doen in verband met die terugbetaling van sy klasgelde.


Die werkgewer betaal die vakleerling se klasgelde vooruit aan die tegniese kollege en trek die bedrag dan weekliks of maandeliks van sy salaris af. Afhangende nou van sy vordering en die aanbeveling van die kollege, kry die vakleerling dan die volle bedrag van sy klasgelde, óf 'n gedeelte óf niks daarvan terug.

Daar is verskillende soorte van vakleerlingskapkontrakte vir elke tipe van ambag wat daar in die nywerheid gevind word. Om 'n idee te vorm van die wye verskeidenheid van ambagte wat daar in die nywerheid bestaan word verwys na Bylaag 13 waar ons sien dat by SEIFSA alleen, wat in die Metaal-ingenieursrigting is, daar vakleerlingskapkontrakte vir 44 ambagte bestaan. So het elke nywerheidsrigting sy spesifieke soorte van ambagte om vir al die verskillende werksituasies voorsiening te maak.

Om vir statistiese doeleindes die vakleerlingskapkontrakte volgens spesifieke ambagte te verdeel is 'n onbegonne taak, daarom het die Departement van Arbeid verkies om liewer die kontrakte in te deel soos hulle deur die verskillende nywerheidsgroepe geregistreer word. Bylaag 8 gee vir ons die getal kontrakte wat jaarliks geregistreer is in die verskillende nywerheidsrigtings en is volledig bespreek in Hoofstuk 4. Soos reeds gemeld sien ons dat in sommige rigtings baie meer kontrakte jaarliks geregistreer word as in andere en ter aanvulling hiervan word Bylaag 17 nou verstrek, wat vir ons die getal lopende kontrakte aandui wat daar in die verskillende nywerhede

### Grafiek No. 7

Getail lopende vakleerlingkontrakte aan dit einde van elke jaar.





bestaan het aan die end van elke jaar. (Sien Grafiek No. 7).

As ons dit in ag neem dat die vakleerlingskapkontrak normaalweg oor 'n periode van vyf jaar strek, vind ons dat daar 'n opbouing van lopende kontrakte plaasvind as gevolg van die registrasie van nuwe kontrakte wat elke jaar bykom, met 'n teenoorgestelde afname weer van kontrakte wat elke jaar beëindig en ontbind word. Vir 'n beter begrip hiervan word Bylaag 18 aangeheg, wat aantoon hoeveel kontrakte jaarliks beëindig en ontbind was.

Hier werk ons dus in 'n siklus van vyf jaar, waar die inname van bv. 1963 sy kumulatiewe invloed eers aan die einde van 1967 voltooi het. Die kumulatiewe invloed en styging van die totale getal lopende kontrakte aan die einde van elke jaar word weerspieël in Bylaag 17 se totale-kolom, wat aantoon en bevestig dat daar elke jaar 'n styging was in die registrasie van vakleerlingskapkontrakte - vergelyk 24401 vir 1962 teenoor 36799 vir 1972.

By die verstryking van die vakleerlingskapkontrak se termyn van vyf jaar word dit beëindig en die aantal kontrakte wat elke jaar beëindig is word in Bylaag 18 aangetoon. Met die siklus van vyf jaar behoort die getal nuwe kontrakte van 'n sekere jaar te korreleer met die getal kontrakte van vyf jaar later wat beëindig is. (Vergelyk bylaes 8 en 18). Daar is wel 'n groot mate van korrelasie te bespeur tussen die twee getalle, maar in geen geval is daar werklike ooreenstemming nie, omdat twee onbekende faktore hierop 'n invloed het.

Die eerste faktor is die kontraktydperk en die tweede die aantal kontrakte wat elke jaar ontbind word. Die kontraktydperk is wel vasgestel as vyf jaar, maar sekere bedrywe maak die toegewing dat vakleerlinge hulle ambagstoets vroeër kan aflê as hulle dit verkies en as hulle dan slaag word die kontraktyd verkort, ander bedrywe maak weer toegewings vir 'n korter kontraktyd volgens hoër kwalifikasies by hulle toetrede. Dit is alles daarop gemik om as lokmiddel te dien vir vakleerlinge om by hulle in te skryf. Hierdie toegewings beïnvloed dus die korrektheid van die vyf jaar siklus.

Die tweede faktor wat die siklus beïnvloed is die aantal kontrakte wat elke jaar ontbind word, en alhoewel in bylaag 18 die presiese getal gegee word wat elke jaar ontbind is, word daar geen aanduiding gegee op watter stadium van die kontrak dit ontbind is nie en kan dit in enige stadium vanaf die eerste tot die vyfde jaar van die kontraktydperk wees, gevolglik affekteer dit ook die korrektheid van die siklus se korrelasie.

Behalwe die Wet op Vakleerlinge van 1944, kry ons ook nog die Wet op Opleiding van Ambagsmanne No. 38 van 1951 (soos gewysig). Hierdie Wet is aanvullend tot die Wet op Vakleerlinge (wat hoofsaaklik op minderjariges betrekking het) en maak voorsiening vir die opleiding van meerderjariges wat nie die geleentheid gehad het om as vakleerlinge in een of ander ambag opgelei te word nie, asook vir die erkenning as ambagsmanne van persone wat



die Registrateur van Vakleerlinge oortuig dat hulle voldoende ondervinding in enige besondere ambag opgedoen het.

Die Intensiewe opleiding word vir hierdie persone in 'n Staatsinrigting op 'n voltydse basis en vir 'n spesifieke tydperk verskaf en dit word opgevolg deur indiensopleiding by 'n goedgekeurde werkgewer. Persone wat nie 'n vakleerlingskap deurloop het nie, maar wat nietemin die vereiste graad van bedrewenheid deur praktiese ervaring opgedoen het, word ook ambagsmanstatus verleen na suksesvolle aflegging van 'n voorgeskrewe toets.

Die voorwaardes van opleiding onder hierdie wet word as volg gegee - "The current conditions prescribed for the training of majors as artisans were published in Government Notice R 818 of the 29th May 1964, as amended by Government Notice R 553 of the 7th April 1966.

Sub-section (1) of Section 6 of the Act reads:-

The Registrar may, on application, issue a certificate of proficiency in the prescribed form to any person who has not been trained as a trainee in terms of this Act or who has not served his apprenticeship under the Apprenticeship Act, but who satisfies the registrar that he has in the course of employment received training and gained experience of a nature and for a period or aggregate period which in the opinion of the registrar are necessary for proficiency in the trade in the area in which he has been employed".

Gedurende 1966 is daar 158 nuwe kwekelinge vir intensiewe opleiding by die Nasionale Ambagskool vir Vakmanne te Westlake, Kaapstad, ingeskryf. Van die kwekelinge wat reeds met hulle opleiding by werkgewers besig was, het 37 ambagsmanstatus verwerf deur in die voorgeskrewe ambagstoetse te slaag, terwyl bedryfsertifikate uitgereik is aan 29 kwekelinge wat hul opleiding deur verloop van tyd voltooi het. (2) In 1969 is altesaam 128 nuwe kwekelinge ingeskryf, waarvan 51 reeds met hulle opleiding by goedgekeurde werkgewers besig was en ambagsmanstatus verwerf het, terwyl bedryfsertifikate uitgereik is aan 62 kwekelinge. (3) Die getalle vir die volgende jare was:-  
1970 - 114 nuwe kwekelinge - 37 verwerf ambagsmanstatus en 48 bedryfsertifikate is uitgereik. (4)  
1971 - 153 nuwe kwekelinge - 41 verwerf ambagsmanstatus en 61 bedryfsertifikate is uitgereik. (5)  
1972 - 129 nuwe kwekelinge - 41 verwerf ambagsmanstatus en 69 bedryfsertifikate is uitgereik. (6)

Verder bestaan daar ook nog kontrakte wat ooreenkomstig die gemene reg en die verskillende Here- en Diensbodewette aangegaan is. Hierdie kontrakte word aangegaan deur persone in ambagte en in gebiede waarop die Wet op Vakleerlinge nie van toepassing is nie en nie binne die regsgebied van

vakleerlingskapkomitees val nie. Hierdie soort kontrakte wat nog van krag was aan die einde van elke jaar word ook vir die volgende jare verstrekk, soos geneem uit die verskillende jaarlikse verslae van die Departement van Arbeid:-

<u>Jaar</u>	<u>Here- en Diensbodekontrakte nog van krag</u>
1966	772
1969	692
1970	710
1971	612
1972	630

b. Analise van eksamenuitslae en ambagstoetse van Vakleerlinge.

Volgens die Wet op Vakleerlinge, Wet No. 37 van 1944, bepaal Artikel 16(2)(h) die toetse of eksamens (hetsy prakties of teoreties of albei) wat vakleerlinge in voorgeskrewe stadiums gedurende die leertyd moet aflê, die finale bedryfstoets wat 'n vakleerling moet aflê, die stadium waarin dit afgelê moet word, en die omstandighede waaronder 'n vakleerling sodanige finale bedryfstoets voor of na daardie stadium kan aflê, of van so 'n eksamen of toets of deel daarvan vrygestel kan word.

Artikel 16(13) bepaal verder dat indien 'n vakleerling in 'n finale bedryfstoets, voorgeskryf kragtens paragraaf (h) van sub-artikel (2), slaag voor of na die stadium aldus voorgeskryf, word sy leerlingskontrak geag deur verloop van tyd beëindig te wees vanaf 'n datum een-en-twintig dae na die laaste dag van die toets.


Wat die teoretiese opleiding betref moet die vakleerling 'n tegniese kollege of 'n tegniese instituut bywoon en 'n goedgekeurde kursus daar volg of andersins die kursus deur korrespondensie doen. Die Departement van Nasionale Opvoeding voorsien goedgekeurde kursusse vir elke rigting van N1 - N3 en T1 - T4, neem die eksamens af en reik die Nasionale Sertifikate uit.

In Bylaes 1 - 5 word die goedgekeurde vakke van die verskillende ambagsrigtings vir elke graad van N1 - T2 gegee, waarin eksamens afgeneem word. Die tegniese kolleges of die tegniese institute verskaf die onderrig in hierdie vakke op beide 'n voltydse groepvrystellingsbasis of op 'n deelydse basis.

In Bylaag 6 vind ons die slaagpersentasies van Vakleerlinge in hulle teoretiese eksamens. In 6(a) is die gegewens van die Departement van Nasionale Opvoeding vir N1, N2, N3 van alle kandidate wat ingeskryf het vir die eksamens en die aantal wat geslaag het en vol sertifikate verwerf het. Dit sluit in al die studente wat volgens groepvrystelling driekeer per jaar skryf nl. in April, Augustus en November by die Tegniese Kolleges, asook alle deelydse en korrespondensie studente wat net in November elke jaar

Grafiek No. 8 (Bylaag 6)

Slaagpercentasie van Vakleerlinge.





skryf. Ongelukkig is die gegewens net vanaf 1972 beskikbaar, aangesien die kursusse in 1971 verander het vanaf die N.T.S. I - V na die nuwe kursusse N1 - 3 en T1 - 4. Die N1 - N3 groepe skryf Nasionale eksamens, maar die T1 - T3 skryf interne eksamens met alleenlik 'n Nasionale eksamen vir T4.

In 6(b) word die gegewens van die Oos-Londense Tegnieese Kollege verstrekk vanaf 1964 - 1973. Eers was dit van toepassing op die N.T.S. I - III, G.T.S. I - II, toe daarna N.T.S. I - V en die huidige op N1, N2, N3, T1 en T2. Vanaf 1964-66 was dit op die dag-vrystelling en vanaf 1967-73 die voltydse groeprystelling. (Sien Grafiek No. 8).

Indien die gemiddelde slaagpersentasies van die jare in oënskou geneem word, merk ons op dat dit nie baie hoog is nie, veral as dit vergelyk word met dié van die hoërskole. Hier moet die feit egter beklemtoon word dat die skrandere leerling gewoonlik matrikuleer en na 'n universiteit gaan terwyl die minder begaafde leerlinge of die druipelinge gewoonlik die skool by St. 6, 7 of 8 verlaat as hy die verlangde ouderdom bereik, en dan as vakleerling inskryf.

Verder word ook opgemerk dat die slaagpersentasie gedurende die jare 1964 - 66 baie laer was as vanaf 1967 en later. In die eerste tydperk van 1964 - 66 was die bywoning van vakleerlinge aan die kolleges op 'n dag-vrystellingsbasis, d.i. een dag per week by die kollege, met die eksamen aan die end van die jaar. Hierdie stelsel het nie bevredigende resultate opgelewer nie, soos gesien kan word in die gemiddelde slaagpersentasie wat gewissel het van 22% tot 44%.

In 1967 is oorgegaan tot die groeprystellingstelsel van opleiding, waar die vakleerlinge voltydse vir 'n termyn van 10 weke na die kollege gaan en dan aan die end van die termyn hulle eksamen aflê. Die resultate het onmiddellik baie verbeter en gestyg na 'n gemiddelde slaagpersentasie van 65% tot 75% in vergelyking met die hoogste slaagpersentasie van 44% in die vorige periode. (7).

Die resultate van vakleerlinge wat die korrespondensiekursusse en die deeltydse klasse in die aande volg is baie swak met 'n baie lae slaagsyfer, en hierdie manier van studie behoort nie aangemoedig te word nie, behalwe in uitsonderlike gevalle waar daar geen ander voorsiening bestaan nie.

Wat die ambagstoetse (vakttoetse of bedryfstoetse) betref, word daar in Artikel 7 van die Wet die volgende voorsiening gemaak:-

"(1) Whenever in the opinion of the registrar adequate provision has been made for a qualifying test to be undergone in any trade in accordance with standards recognised by the Board, the registrar may, on application and on payment of such fees as may be prescribed, admit to a trade test in accordance with such standards, any person who has been trained as a trainee



in terms of this Act and any other person who satisfies the registrar that he has gained experience in the trade concerned and for a period or aggregate period which in his opinion is adequate.

(2) Any such test shall be undergone at such time and place as the registrar may determine.

(3) If any such test is passed by the applicant, a certificate to that effect shall be issued to him by the registrar."

n Vaktoets is alleen n praktiese toets wat afgelê moet word, en die toelatingsvereiste is dat die applikant praktiese ondervinding moes opgedoen het vir tenminste n tydperk gelyk aan die duur van die vakleerling-skap soos voorgeskryf vir daardie ambag.

Aansoeke van vakleerlinge vir n vaktoets moet ingedien word op die voorgeskrewe vorm Lab.14 en moet vergesel word deur n toetsfooi van R6, tesame met getuigskrifte, sertifikate ens. om te bewys dat hy die vereiste tydperk van praktiese opleiding deurloop het en die nodige ondervinding besit. Indien die aansoek afgewys word ontvang hy die R6 toetsfooi terug.

By ontvangs van n aansoek, word dit deeglik deurgegaan en ge-evalueer om te sien of dit aan die minimum vereistes voldoen, en as dit in orde is word dit dan deurgestuur na die Departement van Nasionale Opvoeding se toets-sentrum ("C.O.T.T. - Central Organization for Trade Testing") te Olifantsfontein. Hier word nou die datum en die tyd bepaal vir die toets en hierdie informasie word aan die betrokke Afdelingsinspekteur teruggestuur. Die Afdelingsinspekteur verwittig dan die applikant van die reëlins. In gevalle van baie kort kennisgewing word die applikant per telegram in kennis gestel van die datum en tyd van die toets en n afskrif van die telegram word by die kennisgewing geheg wat aan die Afdelingsinspekteur gestuur word.

Sodra die besonderhede van die toets aan die applikant verstrekk is, word die sentrum te Olifantsfontein in kennis gestel dat die applikant daarvan verwittig is. Na aflegging van die vaktoets en nadat die werk ge-evalueer is by die toets-sentrum (C.O.T.T.) word die Departement van Arbeid in kennis gestel wat die uitslag is, tesame met n individuele vaktoetsrapport.

In n geval waar die applikant hom nie aanmeld vir die vaktoets nie, word onmiddellik n verduideliking gevra, en as daar grondige redes vir die afwesigheid verstrekk word, word vir n verdere toets gereël, andersins word die aansoek gekanselleer.

n Kandidaat moet tenminste 60% of hoër behaal om in n vaktoets te slaag en waar kandidate die toets gedruip het, word n afskrif van die vaktoetsrapport aan die betrokke Afdelingsinspekteur gestuur, om die besonderhede en informasie aan die kandidaat oor te dra. Afhangende van die persentasie wat behaal is, mag die kandidaat nou aansoek doen vir n verdere toets as volg:-

Simbool D (50% - 59%) - na 'n verdere 6 maande ondervinding in sy ambag.  
Simbool E (40% - 49%) - na 'n verdere 12 maande ondervinding in sy ambag.  
Simbool F (30% - 39%) - na 'n verdere 24 maande ondervinding in sy ambag.  
Simbool G (Onder 30%) - na 'n verdere 24 maande ondervinding in sy ambag.

Waar 'n kandidaat geslaag het met 'n persentasie van 60% of hoër word 'n vaksertifikaat voorberei, geteken deur die Registrateur van Vakleerlinge, en tesame met 'n afskrif van die vaktoetsrapport aan die betrokke Afdelingsinspekteur gestuur om dit aan die applikant te oorhandig.

Wat die uitreiking van bedryfsertifikate betref kan die Registrateur van Vakleerlinge in oorlegpleging met die betrokke vakbonde of werkgewersorganisasies, bedryfsertifikate uitreik aan applikante wat in terme van Artikel 6(1) van die Wet, die nodige ondervinding in die ambag het vir 'n periode van nie minder as 10 jaar, in die geval van ambagte waar daar voorsiening vir ambagstoetse bestaan en 'n periode van 7 jaar vir daardie ambagte waarin daar nie ambagstoetse afgeneem word nie.

Aansoek moet ook gedoen word op die voorgeskrewe vorm Lab.14 tesame met ondersteunende getuigskrifte, sertifikate en 'n geskikte aanbeveling. Indien die aansoek aan die vereistes voldoen, word 'n sertifikaat, geteken deur die Registrateur, uitgereik en aan die naaste Afdelingsinspekteur gestuur, tesame met al die dokumente wat ter ondersteuning van die aansoek ingedien was. Geen fooie is betaalbaar nie, en die Afdelingsinspekteur oorhandig die sertifikaat en dokumente dan aan die aansoeker. Hierdie sertifikate word alleen in buitengewone gevalle uitgereik.

Om die ondervinding wat hier benodig word te evalueer, word dit op die volgende basis gedoen:-

- a. Ondervinding in dieselfde ambag - volle krediet.
- b. Ondervinding in gegroepeerde ambagte - maksimum krediet van 30 maande.
- c. Ondervinding in verbonde ambagte - maksimum krediet van 24 maande.
- d. Ondervinding in verwante ambagte - maksimum krediet van 12 maande.
- e. Ondervinding in semi-verwante ambagte - maksimum krediet van 12 maande.
- f. Tegnieese en akademiese opleiding wat behaal is voor vakleerlingskap word krediet verleen wat varieer van 3 maande vir St. 6 tot 30 maande vir die Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnies).


Kandidate wat nie suksesvol in die keuring was nie, word aangeraai om aansoek te doen vir vaktoetse by daardie ambagte waar toetsfasiliteite bestaan.

As ons nou die vaktoets-uitslae in oënskou neem, word verwys na Bylaag 19, waar 'n analise gemaak is van die uitslae in die verskillende nywerheidsrigtings oor die jare 1964 - 72. Hier word vir elke rigting en vir elke jaar die getal vakleerlinge gegee wat getoets was en hoeveel in die toets geslaag het, asook wat die slaagpersentasie was. Die gemiddelde slaagpersentasie van die

Grafiek No. 9

Vaktoetsuitslag 1964-1972.

(Gemiddelde Persentasie vir alle nywerhede.)




Jare.



Grafiek No.10.

Vaktoetsuitslae - Vernaamsle Rigtings.

- (1) Bou
- (2) Metaal-Ingeneurs
- (3) Motor
- (4) S.A.S.
- (5) Haarkappers



Jare



verskillende rigtings oor die jare (sien totaal-kolom) was baie laag gewees en kon nie 40% behaal nie, behalwe in die laaste jaar, 1972, toe dit n gemiddeld van 42,6% was. (Sien Grafiek No. 9).

In sommige rigtings was die slaagpersentasie hoër as in ander rigtings, en die rigtings wat min of meer n konstante en redelik goeie slaagsyfer gehandhaaf het is die Drukkerybedryf en die Motorbedryf, terwyl die volgende rigtings, wat relatief baie min vakleerlinge gehad het, ook goeie uitslae getoon het, nl.:-

Juweliers en Goudsmede, Springstowwe en Verwante nywerhede, Voedsel (Slagterye), Tikmasjiene en Kantoortoestelle, Diamantslyp, Graanmaal en Lugruim. Die ander rigtings het baie swak gevaar. (Sien ook Grafiek No. 10).

n Opsomming van die Vaktoetsuitslae in die Grensgebied (Bylaag 20) toon groot ooreenstemming met dié van Bylaag 19. Die motorbedryf se uitslae was ook hier redelik goed en konstant, terwyl die gemiddelde slaagpersentasie per jaar van almal saam ook baie laag was. Die hoogste persentasies was in 1971 met 43,2% en in 1972 met 41,3%.

n Belangrike rede waarom die slaagpersentasie van die vaktoetse so laag is, is omdat baie firmas nie die nodige opleidingsgeriewe het nie, veral die kleinere firmas. Baie van die vakleerlinge kry nie genoeg geleentheid, en in baie gevalle gladnie die geleentheid, om met die nuutste en modernste apparaat of uitrusting te werk en so daarmee vertrou te raak nie. In baie gevalle word die vakleerling nog as goedkoop arbeid gebruik, sonder om hom doelbewus voor te berei vir sy vaktoets. As bewys vir hierdie bewering kan die motornywerheid geneem word, waar die vakleerling outomaties in sy werk met die nuutste modelle en al die gepaardgaande veranderings te doen kry en sodoende op hoogste bly met die nuutste ontwikkelinge, vandaar n gemiddelde hoër en konstante slaagsyfer.

Baie van die firmas, veral die groter firmas, doen deesdae baie moeite om hulle opleidingsgeriewe te verbeter en hulle vakleerlinge beter en spesifiek voor te berei vir hulle vaktoetse. In hierdie verband kan aangehaal word uit EVKOM (Grensgebied) se verslag:-

"In-service training of apprentices is conducted both locally and at the Commission's Apprentice Training Centre at Rosherville in the Transvaal. Local training of electrical apprentices is conducted in the Distribution, Construction and Test Departments and also at the West Bank Power Station, so that the widest possible experience is gained. Mechanical apprentices carry out all their local training at the West Bank Power Station. In addition, all new apprentices commence their training with a three months course at Rosherville and thereafter may attend another three months course in his second, third or fourth year and then he will again attend a Trade Test

preparation course at our Rosherville school before undergoing his trade test. Training at Rosherville includes instruction in the use of both hand and machine tools." (8)

c. Plasings en bevorderings.

Die plasing van vakleerlinge is onderling afhanklik van die indiensneming deur werkgewers en die aanvraag wat daar bestaan en die geskikte vakatures wat gevul moet word. Tot op die huidige het die aanvraag nog steeds die aanbod oortref en kon alle vakleerlinge wat aansoek gedoen het nog altyd geplaas word.

Daar moet egter deeglike keuring plaasvind, veral wat betref die rigting, die aanleg en aanpassing van vakleerlinge om optimale produktiwiteit te verseker. In hierdie opsig help die Departement van Arbeid met die keuring van vakleerlinge en elke jaar ontvang elke streekkantoor aansoeke van leerlinge wat as vakleerlinge wil inskryf met sy rigting waarin hy belangstel, of firmas verwys vakleerlinge wat reeds by hulle aansoek gedoen het, vir 'n keuringstoets na hierdie departement.

Die Streekkantoor van die Departement van Arbeid reël nou met die voorgenome vakleerlinge onderhoude en onderwerp hulle aan sekere aanlegtoetse en vaardigheidstoetse. Dan maak hulle 'n aanbeveling aan die betrokke firma of bewerkstellig kontakte vir vakleerlinge in hulle gekeurde rigting. Hierdie gegewens van die Departement van Arbeid se Streekkantoor te Oos-Londen word verstrek in Bylaag 15, waar die gegewens verwerk is vir die aansoeke wat elke jaar ontvang en getoets is, hoeveel van die aansoeke aanbeveel is, hoeveel geweier is, hoeveel nog onder oorweging is en die aantal aansoeke wat onttrek is. Die statistieke strek oor die jare van 1968 tot 1973 en is ontleed vir elke rigting en korreleer ook met vorige ondersoeke van die aanbod in die verskillende rigtings.

Oor hierdie tydperk is daar 'n groot totaal van 1830 aansoeke ontvang, waarvan 1566 aanbeveel is, 79 aansoeke geweier is, 120 nog onder oorweging gehou is en 94 aansoeke onttrek is. Daar is dus 85% van die aansoeke wat ontvang is aanbeveel vir plasing. 'n Klein persentasie nl. 4% is geweier, hoofsaaklik omdat hulle nie die vereiste minimum opvoedkundige kwalifikasie besit het nie of geen handvaardige vermoë getoon het nie, terwyl die groep onder oorweging ook hoofsaaklik nie aangepas het in die rigting waarvoor hulle aansoek gedoen het nie, of nie die vereiste handvaardigheid in die aanlegtoetse en vaardigheidstoetse getoon het nie. Die klein groepte wat hulle aansoeke onttrek het, is as gevolg van die feit dat hulle ook elders vir ander werk aansoek gedoen het en toe daar opgeneem is en nie meer met die aansoek vir vakleerlingskap wou aangaan nie.

In 'n behoeftebepaling na vakleerlingarbeid vind ons dat die plasing van

vakleerlinge geen probleme bied nie, maar wel die voorsiening van die nodige aanbod, daarom moet so baie nywerhede 'n spesiale werwingsveldtog hou vir vakleerlinge. By die werwing van vakleerlinge moet die beroep so aantreklik moontlik voorgestel word met volle besonderhede van die opleiding wat verskaf word en die bevorderingsmoontlikhede wat daar bestaan.

Wat die opleiding betref, vereis sekere nywerhede natuurlik spesiale opleiding vir hulle spesifieke rigting en hierin moet hulle die Departement van Nasionale Opvoeding behulpsaam wees met die opstel en veral die praktiese implikasie en implementering van die leerplanne. In die verlede is verskeie sulke kursusse opgestel in noue samewerking met nywerhede soos SASOL wat gehelp het met die opstel van kursusse in Analitiese Chemie, Analitiese Fisika en Aanlegbediening, SEIFSA het gehelp met die kursusse in die ingenieursrigtings, die Hotelraad met kursusse in spysenering en opleiding van kelners, die Poskantoor met telekommunikasie en verskeie ander instansies of nyweraars in ander rigtings soos Elektroniese Dataverwerking en Stelselontleding, Televisieopleiding en nog ander.

In sulke spesifieke rigtings is die plasing van vakleerlinge feitlik outomaties by hierdie firmas, maar aan die anderkant is dit weer 'n beperking van die vakleerling tot 'n baie nouer veld, met die gevolg dat wanneer die vakleerling die dag volle ambagsmanstatus verwerf het, hy nie so maklik van werk kan verander nie, en beperk is net tot sekere rigtings.

Wat bevorderingsmoontlikhede betref het die vakleerlinge ook 'n onbeperkte en wye veld. Gedurende sy vakleerlingskap word daar voorsiening gemaak vir teoretiese opleiding by die Tegnieuse Kolleges waar hy sy opvoedkundige kwalifikasies kan verbeter en kan aangaan tot en met 'n peil en standaard van vier jaar na-matriek. Persone wat hierdie opleidingspeil bereik word baie gou bevorder na senior betrekings in hulle firmas en met die nodige ervaring verder bevorder na hoofde van afdelings, bestuurders en besturende direkteure.

Die vakleerling wat hom net bekwaam het as 'n gewone ambagsman en wat inisiatief en verantwoordelikheid toon, het ook die moontlikhede om bevorder te word na voorman, werkebestuurder en hoof van 'n afdeling.

---

(1) Report of the Commission on Technical and Vocational Education

U.G. 65/1948. Page 158

- (2) Verslag van die Dept. van Arbeid - 1966. Bl. 21.
- (3) Verslag van die Dept. van Arbeid - 1969. Bl. 23.
- (4) Verslag van die Dept. van Arbeid - 1970. Bl. 22.
- (5) Verslag van die Dept. van Arbeid - 1971. Bl. 18.
- (6) Verslag van die Dept. van Arbeid - 1972. Bl. 18.
- (7) Bylaag 6.
- (8) Verslag van EVKOM - Grensonderneming.



HOOFSTUK 6

Tendense en neigings in die arbeidsmark oor die afgelope tien jaar.

a. Beleidsveranderinge met betrekking tot Vakleerlingskap.

Weens die dinamiese karakter van ons nywerheidsarbeid, waarvan die vakleerling 'n integrale deel van die arbeidsmag vorm, was dit die afgelope tien jaar onderhewig aan baie veranderinge en wysiginge. Gedurig moes daar aanpassings gemaak en wysiginge aangebring word om aan te pas by die veranderde omstandighede as gevolg van die vinnige tegnologiese ontwikkeling en om in die steeds groeiende vraag van ons industrieë na vakleerlinge te voorsien.

As gevolg van die tekort van geskoolde ambagsmanne op feitlik elke terrein van ons nywerheidslewe, was alle beleidsveranderinge daarop ingestel om die beroep vir die vakleerling aantrekliker te maak, die opleiding deegliker en die vergoeding beter, om sodoende as 'n stimulus te dien vir 'n groter aanbod om die tekort te probeer uitwis.

Die opvallendste wysiginge wat aangebring was, was op die gebied van toelatingskwalifikasies, die leertermyn, leervoorwaardes en loonstrukture. Hierdie wysiginge wat elke jaar aangebring is, is saamgevat in die jaarverslae van die Departement van Arbeid en is volledig weergegee in Aanhangsel No. 3.

In opsomming van die meeste wysiginge wat aangebring is kom dit neer op die aanbevelings van die Nasionale Vakleerlingraad t.o.v.:

- (a) Nuwe leervoorwaardes of hersiening van leervoorwaardes vir feitlik alle nywerhede.
- (b) Bykomstige besoldiging ten opsigte van opvoedkundige kwalifikasies en aanpassing van lone;
- (c) Intrekking van sekere ambagte en aanwysing van nuwe ambagte in sekere nywerhede;
- (d) die voortdurende modernisering van opleidingskursusse om met die huidige en toekomstige tegnologiese ontwikkelings tred te hou;
- (e) die wenslikheid van die instelling van intensiewe opleidingskursusse met die oog op die verkorting van die opleidingstydperke;
- (f) die betaling van klas-, kursus- en eksamengelde;
- (g) die getal vakleerlinge wat deur 'n nywerheid in diens geneem mag word;
- (h) vrystelling van die bepalinge van die Wet ten einde werkgewers in staat te stel om skoliere en studente gedurende vakansies in aangewese ambagte in diens te neem teen die minimum lone wat vir eerstejaarvakleerlinge voorgeskryf word;
- (i) vrystelling aan werkgewers om blanke meerderjariges in bykans alle



bou-ambagte in diens te neem en oor 'n tydperk van 18 maande as vakmanne op te lei;

- (j) wysiging van leervoordes betreffende ambagstoetse;
- (k) sentralisering van tegniese opleiding van vakleerlinge in die motor-nywerheid op sekere sentrums (bv. vir Noord-Transvaal op Pretoria, vir Oos-Kaapland en die Grensgebied op Port Elizabeth, vir die O.V.S. op Bloemfontein).

Wat die beleidsveranderinge in die Grensgebied betref vind ons die volgende by die S.A.S. (Grens) wat die grootste individuele werkgever is en die meeste vakleerlinge in diens neem:-

Die kontraktermyn van vakleerlinge is verkort van vyf jaar na vier jaar. Indien 'n vakleerling oor die nodige opvoedkundige kwalifikasies beskik kan ambagstoetse na afloop van  $2\frac{1}{2}$  jaar se opleiding afgelê word. Die toelatingskwalifikasie van vakleerlinge is verhoog van standaard ses geslaag na standaard ses geslaag en standaard sewe bestudeer met wiskunde of rekenkunde as vak. Tegniese toelae is ingestel vir sertifikate wat bekom is voor of gedurende vakleerlingskap wat 'n maksimum toelae van R28,00 per maand beloop. Die bywoning van aandklasse is omskep na groepklasse wat drie maal per jaar gehou word. (1)

Die ander onderneming in die Grensgebied wat apart behandel word is EVKOM (Grensgebied) en hulle rapporteer as volg:-

"Policy changes in regard to apprentices over the last ten years are:

- a. Starting qualification : The Commission will normally only accept apprentices with a minimum qualification of Std. 8. This principle has been in general use since 1970.
- b. There has been no change in the period of apprenticeship, which is five years, for both mechanical and electrical apprentices.
- c. The Commission has established its own Apprentice Training Centre at Rosherville in the Transvaal where all apprentices undergo continuous training for three months at a time. This has enabled the Commission to engage apprentices in areas where workshop facilities are not fully available as workshop training is now provided at Rosherville.
- d. The Rosherville Training Centre also provides pre-Trade Test training courses of three months duration which apprentices attend prior to undergoing voluntary or compulsory Trade Tests." (2)

b. Veranderde loon-strukture.

Lone van vakleerlinge word as 'n reël gebaseer op 'n persentasiebasis van die ingeslote lone wat ingevolge loonreëlende maatreëls op vakmanne in die betrokke nywerheid en gebied van toepassing is. Die persentasie in vyf-jaar

ambagte verskil in die verskillende nywerhede. So byvoorbeeld ontvang vakleerlinge in die metaalnywerheid 30, 35, 40, 50 en 100% respektiewelik, terwyl vakleerlinge in die drukkersbedryf 40, 45, 50, 60 en 70% respektiewelik ontvang. In die vier-jaar ambagte verskil die persentasies ook in die onderskeie nywerhede.

Die doel van die voorskrywing van lone op 'n persentasie grondslag is om voorsiening te maak vir die outomatiese verhoging van die vakleerlinglone met elke verhoging van vakmanlone in die betrokke nywerheid. As 'n verdere aansporing ontvang vakleerlinge ook bykomstige vergoeding wat wissel van 50c tot R4,00 per week ten opsigte van sekere opvoedkundige kwalifikasies wat hulle besit of wat hulle gedurende vakleerlingskap verwerf.

Die toepassing van loonreëlende maatreëls (Art. 44) van die Wet, bepaal dat ondanks andersluidende bepalings van enige ander Wet, is die bepalings van 'n loonreëlende maatreël op 'n vakleerling van toepassing vir sover hulle nie in stryd is nie met 'n bepaling van die Wet op Vakleerlinge, 'n voorgeskrewe leervoorwaarde of die kontrak van vakleerlingskap. Nywerheidsooreenkomste maak gewoonlik voorsiening daarvoor dat die bepalings van sodanige ooreenkomste op leerlinge van toepassing is in soverre dit nie teenstrydig met die bepalings van enige voorgeskrewe leervoorwaarde is nie.

Die lone van vakleerlinge is die afgelope jare gedurig verander om aan te pas by die lone van vakmanne in die betrokke nywerhede en ook om as lokmiddel te dien vir die werwing van vakleerlinge. Behalwe die verhoogde lone het die meeste nywerhede ook tegniese toelae ingestel vir hoër opvoedkundige kwalifikasies wat behaal word.

Volgens die gegewens van die S.A.S. (Grensgebied) was die lone van vakleerlinge as volg gewees:-

In 1964 was die aanvangsloon R60,00 per maand.

In 1966 was die aanvangsloon R65,00 per maand.

In 1970 was die aanvangsloon R80,00 per maand.

In 1973 was die aanvangsloon R100,00 per maand.

Vanaf Oktober 1973 word vakleerlinge se aanvangsloon soos volg bepaal:-  
Hoër as St. 8 is dit R110,00 per maand.

St. 8/9 is dit R120,00 per maand.

St. 10 is dit R140,00 per maand.

Vanaf Junie 1974 is dit alweer soos volg gewysig:-

Hoër as St. 8 - R130,00 per maand.

St. 8/9 - R140,00 per maand.

St. 10 - R160,00 per maand.

Verder word tegniese toelae betaal vir sertifikate wat bekom word gedurende



vakleerlingskap wat tot 'n maksimum toelaag van R28,00 per maand kan beloop. (3)

Uit die verslae van EVKOM (Grensgebied) merk ons die volgende veranderinge in die loonstrukture van vakleerlinge op:- (Vir vergelykende doeleindes word die lone van 1965 en 1974 gegee.)

	<u>1965</u>	<u>1974</u>
1ste jaar - 30,5 sent per uur (R61,00 per maand)		R160,00 per maand
2de jaar - 33,0 " " " (R66,00 " " )		R170,00 " "
3de jaar - 35,5 " " " (R71,00 " " )		R190,00 " "
4de jaar - 38,0 " " " (R76,00 " " )		R210,00 " "
5de jaar - 41,5 " " " (R83,00 " " )		R245,00 " "

Verder betaal die onderneming ook 'n maandelikse bonus vir sekere opvoedkundige kwalifikasies wat die vakleerling besit of gedurende sy vakleerlingskap verwerf, volgens die skaal uiteengesit in Bylaag 21 wat aangeheg is, en ook duidelik die verskille aantoon tussen die twee gegewe jare 1965 en 1974. (4)

In 'n poging om vakleerlinge aan te moedig om verder te studeer het EVKOM onlangs aangekondig dat hulle nog verdere bonusse gaan betaal aan vakleerlinge wat by die Tegniese Kolleges ingeskryf het vir kursusse en dan suksesvol in hulle studies was. 'n Aanhaling uit 'n brief van EVKOM ontvang:-

"In addition, as a further incentive for study, the Commission pays a bonus of R25,00 to any apprentice who obtains a full certificate at a block release course, with a further bonus of R3,00 for every subject passed with distinction." (5)

c. Effek van die beleidsveranderinge en die loonstrukture op die vraag en aanbod van vakleerlinge.

Al die beleidsveranderinge oor die afgelope jare was daarop gemik om 'n groter voorsiening of aanbod van vakleerlinge te bewerkstellig. Tog het daar ten spyte van al hierdie pogings nog tekorte in al die sektore van die nywerheid bly voortbestaan en kon die vraag nie bevredig word nie.

Vakleerlingkomitees het gedurig gepoog deur daadwerklike optrede om die nodige aanpassings, veranderinge en toegewings te maak, soos reeds gemeld, waar hulle elke jaar die leervoordes gewysig en hersien het, nuwe ambagte ingestel het om aan die veranderende behoeftes te voorsien en die opleidings-tydperke verkort het van die tradisionele 5 jaar na 4 jaar en 3 jaar.

Verder is die vakleerlinglone gedurig aangepas namate die vakmanne se lone en lewenskoste gestyg het, met 'n verdere toegewing van verskillende bonusstelsels waar die vakleerlinge ekstra vergoeding kon ontvang.

Al hierdie veranderinge en toegewings het wel die gewenste uitwerking gehad om die aanbod van vakleerlinge te laat styg soos gesien kan word in Bylaag 8 waar die getal kontrakte gegee word wat jaarliks in die verskillende nywerhede geregistreer is. Hierdie aanbod het oor die laaste tien jaar in totaal bykans verdubbel.

Ten spyte van die verhoogde aanbod, het die vraag na vakleerlinge oor die afgelope tien jaar ook verhoog en as ons moet oordeel van die verslae van die verskillende nywerhede, kom ons tot die logiese gevolgtrekking dat die vraag na vakleerlinge veel skerper gestyg het as die aanbod daarvan. Dit is as gevolg van die snelle nywerheidsuitbreiding wat ons die afgelope jare in die Republiek beleef het en is ook 'n natuurlike verskynsel vir alle hoogs-geïndustrialiseerde lande oor die wêreld vandag.

Die toestand in die meeste nywerhede bly dus nog kritiek en tesame met die verskynsel dat sommige ondernemings nie 'n eie opleidingsprogram vir vakleerlinge het nie en deur middel van beter salarisse gekwalifiseerde ambagslui van ander ondernemings weglok, veroorsaak dat daar in sekere rigtings, veral by die Staatsdepartemente groot tekorte ontstaan.

Op die oomblik is dit juis die geval in die televisie-bedryf, waar dit in 1975 ingestel gaan word en tot nou op die huidige in 1974, daar nog geen vakleerlinge opgelei is nie. Die vervaardigers van die televisie-stelle onderneem geen installering, herstel en diens van hulle stelle nie, maar beskou dit as die funksie van hulle verspreiders. Hierdie verspreiders of bemarkingsondernemings moet gekwalifiseerde dienstegetnici ("service technicians") hê, wat sal moet sorg vir die installering, herstel en onderhoud van die stelle. Met die oog hierop het die Departement van Nasionale Opvoeding 'n drie-jarige kursus ingestel vir die opleiding van televisie-vakleerlinge waar hy dan kan kwalifiseer as 'n televisie-dienstegetnikus. Die Departement het ook verder by ses van die Tegnieke Kolleges in die groot sentrums, onder andere ook die Oos-Londense Tegnieke Kollege, 'n volledige toegeruste Televisie-laboratorium voorsien vir die opleiding van hierdie vakleerlinge.

Ten spyte van hierdie voorsiening is daar nog geen enkele vakleerling vir opleiding ingeskryf nie en staan die laboratoriums leeg. Die verspreiders verkies om nie vakleerlinge in te skryf vir opleiding nie, maar adverteer poste vir gekwalifiseerde elektrisiëns en elektroniese-tegetnici wat dan deurmiddel van 'n kort kursus ("crash course") van 'n paar weke op die televisie-stelle opgelei sal word. Noodwendig moet hierdie persone nou uit ander sektore van die nywerheid getrek word, wat op sy beurt weer tekorte daar veroorsaak.

Die volgende verslag word aangehaal:-

"Post Office in new bid to end staff drain."

Pretoria - Further service improvements, better promotion opportunities, a realignment of responsibilities and "rationalisation" of staff structures are in the pipeline for post office technicians - in a desperate effort by the State to reduce the growing tide of resignations from the service.

The Postmaster-General, Mr. Louis Rive, said in an interview from Cape Town, it was hoped these improvements, linked with the recent salary increases, would help to stabilise the technical staff position.

"If it doesn't, we are in for serious trouble," he said. "If the present tempo of resignations continues we can expect chaos in telephone services at times, particularly in the Pretoria-Witwatersrand complex."

Mr. Rive said the Post Office's complement of trained telephone technicians, electricians and mechanics was fewer than 4000. Of these, 239 had resigned in the past three months alone - giving a projected annual turnover of 25 percent.

About 2000 technicians were in training, but losses on a projected basis of half trained staff were in the region of 900 a year.

The shortage of White skilled workers in the Post Office is paralleled in the country's other State-run enterprise - the Railways. It is understood that the Railways have jobs for 13000 artisans and in June 1974 there was a shortage of more than 2500. Last year in September the shortage was just over 1500.

In an effort to beat the shortage, the Railways are training and using black artisan assistants, particularly in the bricklaying and painting trades under the guidance of fully qualified white workers. About 700 artisan assistants are now in service.

Two major reasons for the shortage are given - the higher pay being offered outside the railway service, and the difficulty being experienced in recruiting White apprentices." (6)

Wat die motornywerheid betref word die volgende aangehaal:-

Die aantal motorwerktuigkundiges het in Suid-Afrika tussen die jare 1950 en 1970 met 114,3% toegeneem. Daarteenoor het die aantal motorvoertuie vir dieselfde periode toegeneem met 333,4%. Die aantal motors per werktuigkundige het met 100% toegeneem. Vir die periode 1970 - 80 word 'n verdere toename van 77,7% in motorvoertuie verwag, teenoor 'n toename van 45,8% motorwerktuigkundiges. In werklikheid kom dit daarop neer dat 'n werktuigkundige gemiddeld 137 voertuie sal moet versorg teen 1980. (7)

d. Rasse-samestelling in die opleidingsektor.

Soos algemeen bekend het Suid-Afrika 'n veelvolkige samestelling van rasse en kry ons die volgende, naamlik Blankes, Bantoes, Kleurlinge en Asië. Al vier hierdie rasse-groepe neem aktief deel en is ekonomies bedrywig in ons land.



en verteenwoordig ook 'n sekere persentasie van ons land se nywerheids-  
arbeidsmag.

Uit 'n totale bevolking van 21 402 470 van al vier die rassegroepe in  
1970, was daar maar 'n totaal van 330 060 in die professionele, tegniese en  
verwante bedrywe werksaam, wat soos volg verdeel is:-

Blankes :	Manlik	124 670	Vroulik	77 720	
Bantoes :	"	37 200	"	56 100	
Kleurlinge :	"	9 670	"	15 010	
Asiërs :	"	6 730	"	2 960	(8)

Wat werkseleenthede in die Republiek betref, moet in gedagte gehou  
word, dat ons 'n drie-ledige stelsel het waarvolgens diensvoorwaardes bepaal  
word en arbeidsgeskille besleg word. Hierdie drie stelsels het hulle  
ontstaan hoofsaaklik aan drie Wette te danke, naamlik Die Wet op Nywerheids-  
versoening No. 28 van 1956, Die Loonwet No. 5 van 1957 en die Wet op Bantoe-  
arbeid (Beslegting van Geskille) No. 48 van 1953.

Om die nywerheidsopleiding en die opleiding van vakleerlinge te bepaal  
word elke rassegroep apart behandel.

(i) Blankes.

Die opleiding van blanke vakleerlinge is volledig in die vorige  
hoofstukke behandel.

(ii) Bantoes.

Die nywerheidsopleiding van die Bantoe word hoofsaaklik bepaal  
en gedek deur die Wet op Bantoebouwerkers van 1951. Hierdie Wet maak  
voorsiening vir die opleiding en registrasie van Bantoebouwerkers, die  
reëling van hul indiensneming en diensvoorwaardes en ander sake wat  
daarmee in verband staan.

'n Adviserende Raad is saamgestel bestaande uit 'n Voorsitter, 4  
lede wat werkgewersorganisasies verteenwoordig, 4 lede van vakverenigings,  
1 verteenwoordiger van werkgewers van Bantoebouwerkers, 1 raadgewer  
in verband met aangeleenthede rakende Bantoes (hierdie persoon moet 'n  
amptenaar van die Departement van Bantoe-administrasie en -Ontwikkeling  
wees) en 1 persoon wat die belange van Bantoebouwerkers verteenwoordig.  
Hierdie Raad adviseer die Minister in alle sake rakende Bantoebouwerkers.

Artikel 13 van die Wet maak voorsiening vir die daarstelling van  
'n vasstelling wat die lone en ander diensvoorwaardes voorskryf van Bantoes  
wat geskoolde werk in sekere Bantoegebiede verrig. 'n Algemene vrystelling  
van die verbodsbepalings van Artikel 15 van die Wet is by Goewerments-  
kennisgewing No. 253 van 20 Februarie 1959 bekend gemaak.

Die Departement van Bantoe-Onderwys neem die toetsing van Bantoes  
waar. Bantoes met genoegsame ondervinding in bouwerk word getoets en

sertifikate word uitgereik aan die wat in die toets slaag.

Hierdie Wet bied die geleentheid aan Bantoes om as geskoolde bouwerkers te kwalifiseer, hoofsaaklik in die konstruksie van huise vir hulle eie mense. Die Wet maak voorsiening vir die opleiding en registrasie van Bantoes as bou-ambagslui, naamlik messelaars, timmermans, skrynwerkers, skilders, pleisteraars, elektrisiëns en loodgieters, en hul diensvoorwaardes word voorgeskryf deur 'n loonvasstelling wat ingevolge die Wet gemaak is.

Bantoes van minstens 18-jarige leeftyd word as leerlinge Graad B in diens geplaas. Na 'n jaar se opleiding word hulle toegelaat om 'n toets af te lê, en indien hulle slaag, word hulle leerlinge Graad A. Die voorgeskrewe opleidingstydperk is vier jaar maar 'n leerling Graad A kan na een jaar se opleiding 'n ambagstoets aandurf en indien hy slaag, word 'n sertifikaat aan hom uitgereik as bewys dat hy 'n gekwalifiseerde bouwerker is. Enige ander Bantoe wat bewys lewer dat hy minstens twee jaar lank geskoolde bouwerk verrig het, kan eweneens aansoek doen om 'n ambagstoets af te lê en sodoende registrasie as bouwerker verkry. Bantoelangtermyngevangenes wat gedurende hulle gevangeneskap bouwerk verrig, word ook die geleentheid gebied om ambagstoetse af te lê.

In Bylaag 22 kry ons die aantal Bantoes en leerlinge wat as bouwerkers geregistreer is. Hiervolgens sien ons dat die Bantoe 'n definitiewe voorliefde en aanleg vir messelwerk het, want bykans die helfte van die groottotaal het hulle in hierdie rigting bekwaam nl. 725 uit 1651 en ook selfs die leerlinge wat ingeskryf is met 193 uit 461. Timmerwerk blyk ook populêr te wees met verder 'n redelike aanbod vir pleisterwerk, skilderwerk en loodgieterswerk. In die ander rigtings van bloklegging, die kombinasie messel- en pleisterwerk, skrynwerk, die kombinasie timmer- en skrynwerk en elektrotegniese draadwerk, was die aanbod maar swak, wat toegeskryf kan word aan óf min belangstelling óf gebrek aan vaardigheid of aanleg in hierdie rigtings.

Wat die totale aanbod betref was daar geen noemenswaardige verhoging van 1966 gevees nie, tot in 1972 toe die aanbod skielik meer as verdubbel het vir geregistreerde bouwerkers - vergelyk Bylaag 22 - waar daar 'n toename was van 256 vir 1971 tot 547 vir 1972. Die rede hiervoor kan moontlik gevind word in die Regering se ontwikkelingsprogram van grensnywerhede en die tuislande se vergrote aanvraag. Die leerlinge wat geregistreer is wys ook 'n aansienlike toename van 90 in 1971 na 136 in 1972.

Dit moet beklemtoon word dat effektiewe beroepsopleiding onmoontlik is sonder die gesonde basiese fondament van algemene onderwys. Onderwys

vir die Bantoe kon tot nog toe nie verpligtend gemaak word nie as gevolg van die groot gebrek aan skoolakkommodasie, maar meer hoofsaaklik as gevolg van die groot tekort aan onderwyspersoneel.

Sedert 1936 was daar alreeds 'n begin gemaak in die voorsiening vir gespesialiseerde nywerheidsopleiding vir Bantoes. Die kursusse aangebied vir bantoe-seuns was drukwerk, boekhou, timmermanswerk, grofsmidwerk, wamakery, boukonstruksie, leerwerk en leerlooierij, skoemakery, motorwerktuigkunde en landbou, terwyl die bantoe-meisies opleiding gekry het in huishoudkinde, naaldwerk, weefwerk, kookkuns, wassery en huishoudelike werk.

Dit moet algemeen aanvaar word dat met die groot en groeiende bantoe-bevolking in ons land, 'n beter opleiding in tegniese vaardigheid tot die land se voordeel sal wees, en in die jongste tyd word baie aandag gegee aan die opleiding van die Bantoe as geskoolde arbeid.

Met die Bantoe Onderwyswet van 1953 was alle bantoe-onderwys oorgeplaas na die Departement van Bantoesake. Op 11 Desember 1963 neem die Transkei se Onderwysdepartement hulle eie onderwys oor en van 1968 - 70 neem die verskillende tuislandgebiede wat hulle eie onderwysdepartemente het, ook die administrasie oor.

In 1969 was daar 9 853 bantoeskole met 2 552 807 leerlinge, waarvan 106 945 leerlinge op sekondêre skole was. Hierdie sekondêre skole het vermeerder van 94 in 1949 na 394 in 1969. Beroepskole was ook bespoedig en daar is al 30 van hierdie skole, terwyl tegnisiopleiding ook beoog word. Daar was ook 60 aandskole en skole met voortsettingsklasse, terwyl hier in die Grensgebied daar op die oomblik institute of kolleges vir tegniese opleiding bestaan in Mdantsane naby Oos-Londen, Zwelitsha naby King Williamstown, Teco naby Butterworth en in Umtata. (9)

(iii) Kleurlinge.

Kleurlingonderwys volg in 'n groot mate die patroon van die Bantoe-onderwys. Die uitsondering was egter dat Kleurlingonderwys in die begin beperk was tot die Kaapprovinsie en eers later op 'n georganiseerde basis in ander provinsies begin is, waar 'n voldoende sametrekking van kleurlinge dit geregverdig het. Ook hier is 'n groot tekort aan akkommodasie en onderwyspersoneel ondervind.

Die toepassing van verpligte onderwys vir kleurlingkinders van 7 - 14 jaar is afhanklik van die spesifieke area waarin hulle woonagtig is, en of daar voldoende skoolakkommodasie beskikbaar is of nie.

Behalwe vir klasse in Kaapstad, wat aangebied was deur die Tegniese Kollege se tak in Roelandstraat, die St. Joseph's Ambagskool by Aliwal



Noord en sekere deelydse klasse by Kimberley, was daar voorheen geen fasiliteite vir beroepsopleiding vir die kleurling nie.

Met die Wet op Kleurlingonderwys No. 47 van 1963, is kleurling-  
onderwys oorgedra na die Departement van Kleurlingsake. Vanaf 1 Julie  
1969 het die Administrasie van Kleurlingsake die kontrole van alle  
onderwys oorgeneem, behalwe die Universiteitskollege van Wes-Kaap.  
Aansienlike vordering is sedertdien gemaak met die beroepsopleiding vir  
kleurlinge en op die oomblik word gevorderde tegniese en handels-  
opleiding gegee by die "Peninsula" Tegniese Kollege in Belville.  
Verder is daar nog beroepskole in Kaapstad (Athlone), Kimberley, Port  
Elizabeth, Bethelsdorp, Durban, Oos-Londen en Johannesburg, waar  
hoofsaaklik vakleerlinge opgelei word. In 1968 was daar 'n totaal van  
1830 kleurlingskole met 455 262 leerlinge en 14 233 onderwyspersoneel. (10)

(iv) Asiate.

Die onderwys vir Asiate (Indiërs) vorm deel van die kleurling-  
onderwys in die Kaapprovinsie en Transvaal, terwyl Natal die enigste  
provinsie was waar daar spesiaal vir hulle deur 'n seksie van die  
Onderwysdepartement voorsiening gemaak was. In die Oranje-Vrystaat  
is daar geen Asiate nie.

In die begin was daar deelydse klasse aangebied by Durban en  
Pietermaritzburg in algemene onderwys, handelsvakke, naaldwerk, klere-  
makery en kookkuns. In die industriële bedrywe in Durban en omgewing  
was die meeste Indiërs in diens geneem as ongeskoolde arbeiders, met 'n  
klein persentasie as semi-geskoolde en baie min as geskoolde arbeiders.

Later is daar op 'n meer georganiseerde wyse voorsiening gemaak vir  
beroepsopleiding in die volgende ambagte, naamlik kleremakery, slagters,  
plaatmetaalwerk, maak van tente, bakkerye en proviandering, terwyl baie  
as kelners opgelei is en in hotelle gaan werk het. Verder toon die  
Indiër 'n groot voorliefde vir sy eie besigheid of winkel en ook as smouse.

In 1948 is die Tegniese Kollege M.L. Sultan in Durban opgerig,  
waar tegniese en handelonderrig aan hulle gegee is. Later het hierdie  
Kollege ook 'n Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys geword, waar  
beroepsopleiding hoofsaaklik op die na-matrikulasievlak gegee word in  
die tegniese- en ingenieursrigtings, handel, huishoudkunde, publieke  
gesondheid, mediese- en chemiese-tegnologie, sekretariële kursusse en  
hotelspysenering.

Op die oomblik word alle onderwys vir Indiërs behartig deur die  
Departement van Indiërsake.

Opsommend kan gesê word dat die vraag na blankes in die sekondêre bedrywe  
teen 'n stadiger tempo toeneem, naamlik 4% per jaar teenoor die vraag na nie-

blankes teen 4,5% per jaar. Waar die vraag na nie-blankes in hierdie sektor ongeveer 20,5% van die totale vraag na nie-blanke arbeid in 1969 verteenwoordig het, sal hierdie persentasie na verwagting tot 23% in 1975 styg. (11)

Die diensbedrywe neem na verhouding die meeste blankes in diens en in 1969 was ongeveer 31% van die werkers blankes. Die vraag na blankes neem egter effens stadiger toe as die indiensneming van die nie-blankes, naamlik met 2,7% teenoor 3%. (12)

---

- (1) Verslag van die Elektrotegniese Ingenieur - S.A.S., Oos-Londen.
- (2) Report from Mr. F.O. Pearce, Manager, ESCOM (Border).
- (3) Gegewens verkry by S.A.S. - Hoofkantoor te Oos-Londen.
- (4) Gegewens verkry by EVKOM - Hoofkantoor te Oos-Londen.
- (5) Brief van EVKOM aan Prinsipaal, Oos-Londense Tegniese Kollege,  
Verw. 5/30/22/1/T.W.T., 19 Augustus 1974
- (6) Daily Dispatch, Tuesday, September 10, 1974 - Page 13.
- (7) Volkshandel - Julie 1973. Bl. 31.
- (8) S.A. Statistieke 1972. Bl. A27.
- (9) Gegewens verkry uit S.A. Jaarboek 1971.
- (10) Gegewens verkry uit S.A. Jaarboek 1971.
- (11) Ekonomiese Ontwikkelingsprogram vir die B.S.A. 1970-75.
- (12) Vrygestel deur die Dept. van Beplanning. Bls. 28 en 30 resp.

HOOFSTUK 7

n Toekomsblik.

Weens die verbondenheid van die vakleerling aan die arbeidsituasie in ons land sal in n toekomsblik alleen daardie aspekte wat van toepassing is op die verwagte nywerheidsgroei, die poste-skepping en groter indiensname op die arbeidsmark, in oorweging geneem word, met spesiale verwysing na die Grensgebied.

Om die voortgesette nywerheidsgroei te verseker en die groeiakoers te handhaaf, het die Regering oorgegaan tot n beleid van nywerheidsdesentralisasie, met die aanwysing van groeipunte op die strategiese en mees geskikte plekke in die Republiek. Om hierdie beleid van desentralisasie uit te bou en te bevorder is die taak daarvan opgedra aan liggame soos die Nywerheids Ontwikkelings Korporasie (N.O.K.), die Desentralisasieraad, die Bantoe-beleggings Korporasie en die Xhosa Ontwikkelings Korporasie (X.O.K.)

Sedert 1960 tot 30 Junie 1973 het die N.O.K. R163 miljoen vir nywerheidsvestiging en -ontwikkeling in gedentraliseerde gebiede bewerkstellig. Dit het gelei tot die skepping van bykans 60 000 nuwe werksposte waarvan meer as 48 000 van hierdie werkers in die Bantoe-tuislande woon. Vir behuising van blanke kernpersoneel is R16,5 miljoen bewillig waarvan meer as 2000 blanke gesinne in gedentraliseerde gebiede gevestig is. (1)

Ten einde die desentralisasieprogram te bevorder het die Desentralisasieraad besluit om konsessies aan te bied aan nyweraars wat hulle in groeipunte wil vestig. Die konsessies is van toepassing ten opsigte van vestiging of uitbreiding, asook verskuiwings uit die P.W.V.-gebied, en die aard van die konsessies is:-

1. Lenings beskikbaar en rentekonsessies t.o.v. Grond en Fabrieksgeboue asook Toerusting en Vlottende bates.
2. Huurgeboue en huurkonsessies.
3. Behuising vir Blanke Sleutelpersoneel.
4. Inkomstebelastingkonsessies.
5. Kontantskenkings as vergoeding vir verskuiwingskoste.
6. Spoorvragrabatte.
7. Hawegelderabat.
8. Prysvoorkeure op aankope.

(Vir volledige konsessies sien Bylaag 23 - ontvang van die Desentralisasieraad).

Meer bepaald tot die Grensgebied kry ons groeipunte by Oos-Londen, Berlin, King Williamstown, asook die Transkei se groeipunte by Butterworth en Umtata en Dimbaza in die Ciskei.



In hulle verslag van 1971 meld die Desentralisasieraad van die Oos-Londen/Berlin/King Williamstown area:-

"All existing industrial areas at East London are fully occupied. During 1969 the planning and laying out of the Berlin industrial area, which is included in the municipal area of East London, were started. The planning of the first phase consisting of approximately 176 hectares out of a total of nearly 600 hectares of land, is completed and the provision of basic services for this part is progressing rapidly. The first factories will shortly be in production. King Williams Town is developing gradually and more land is available. (2)

At Butterworth an industrial area is also being developed, as yet on a limited scale. More than 20 hectares of industrial land has been taken up and approximately 70 hectares is still available. The area will be increased as necessary. Housing for Whites is provided by the Xhosa Development Corporation.

The development of Umtata as a growth point will commence shortly. (3)

The projects which have been finalised by the Decentralisation Board during 1971 and which industrialists, according to information available to the Board, have decided to proceed with, or on which work has already commenced, will create employment for an additional 12 271 persons, made up as follows: 884 Whites, 9 951 Bantu and 1 436 Coloureds and Asiatics. (4)

In their 1972 report the Board states that they will create employment for additional 7 633 persons as follows: 530 Whites and 7 103 Bantu. (5)

During 1973 they envisaged to create further additional employment for 7 309 persons being, 403 Whites, 6 452 Bantu and 454 Coloureds." (6)

As agtergrond tot die huidige nywerheidsituasie in ons land moet ons dit terugvoer na die ontdekking van goud in 1886, toe baie nie-blankes uit die tuislande na die goudvelde gestroom het. Ongelukkig vir die tuislande was dit hulle knapste en vooruitstrewendste manne wat die gebied verlaat het en derhalwe is die tuislande van hulle beste manne ontnem, wat die gaping tussen die ontwikkeling van die tuislande en die ontwikkeling van die blanke gebiede al groter laat word het.

Vandag lewer vier blanke nywerheidsgebiede wat slegs 3% van die Republiek beslaan, 80% van Suid-Afrika se bruto nywerheidsproduksie. Daardeur word die probleme van 'n bevolkingskonsentrasie verskerp wat in alle ontwikkelde lande 'n bekende verskynsel is. Daarom het Suid-Afrika hom ten doel gestel om die desentralisasie van nywerhede daadwerklik te bevorder en is die tuislande, vanweë hulle onderontwikkeling en hulle dringende behoefte aan ontwikkeling, stellig die mees logiese gebiede vir die oprigting van nywerhede. (7)

Daar is nege tuislande. Almal word tans na selfbestuur gelei. Hulle het almal verskillende stadiums van ontwikkeling bereik - met hulle eie wetgewende rade en hulle eie staatsdepartemente. Algehele politieke onafhanklikheid word uiteindelik vir die tuislande beoog, met finansiële stabiliteit wat voortspruit uit 'n ekonomie wat by dié van S.A. ingeskakel sal wees. (8)

Die Bantoe-beleggings Korporasie se kapitaalbesteding in die tuislande sedert November 1969 (Transkei en Ciskei uitgesluit) was om en by R14 miljoen met die skepping van werkgeleenthede vir ongeveer 6000 Bantoes. (9)

Meer bepaald tot die Grensgebied, waarby die tuislande van die Transkei en Ciskei ingesluit is, funksioneer die Xhosa Ontwikkelings Korporasie (X.O.K.) met sy hoofkantoor te Oos-Londen. Volgens 'n verslag van die X.O.K. word dit beraam dat die de factor manlike arbeidsmag van die Transkei toeneem teen 'n tempo van  $\pm$  17000 per jaar, en in die Ciskei 5000 per jaar.

Tot op 31 Maart 1974 is deur die bemiddeling van die N.O.K. 10 153 werkgeleenthede vir Bantoe in die Oos-Londense grensnywerheidsgebied geskep, en die N.O.K. verwag om nog 1900 te skep tot 31 Maart 1977. Dit sluit dié uit wat geskep is sonder bemiddeling van die N.O.K. Die N.O.K. het egter by geleentheid gemeld dat ander werkgeleentheidskepping gelykstaan aan 30% van werkgeleenthede deur die N.O.K. geskep.

Die X.O.K. se totale werkgeleentheidskepping op 31 Augustus 1974 het  $\pm$  12 176 beloop. Indien hierby ingesluit word werkgeleenthede geskep deur subkontrakteurs wat namens die Korporasie optree, sal die totaal ongeveer 13 000 beloop.

Tot September 1974 het die Korporasie reeds die volgende verpligtings teenoor blanke nyweraars aangeaan:-

In die Transkei	Totale belegging in voorgestelde fabriek	Aantal Kontrakte hierby betrokke	Verwagte Bantoe indiensname wanneer fabriek opgerig en in volle produksie is
Butterworth	R29 098 900	15	4 918
Umtata	1 347 300	4	528
Ander	7 830 440	6	1 578
Totaal - Transkei	R38 776 640	25	7 024
In die Ciskei	R 3 349 500	10	789

(10)

Die klem en benadering van die toekomstige nywerheidsontwikkeling val dus op en stuur in die rigting van nywerheidsdesentralisasie met die gepaardgaande ontwikkeling van die tuislandgebiede.

Bevindinge en Gevolgtrekkings.

Die voortgesette en bestendige nywerheids groei van 'n land is afhanklik van die geskoolde mannekrag tot sy beskikking. Daarom is die opleiding van die Vakleerling van so 'n aktuele belang vir ons omdat die vakleerling 'n integrale deel van ons arbeidsmag vorm en die grootste potensiële bron is om die geleedere van ons geskoolde nywerheidsarbeid aan te vul.

Die opleiding van die vakleerling is ook 'n gespesialiseerde opleiding omdat elke ambag sekere spesiale tegniese kennis vereis en ook 'n spesiale vaardigheid van die persoon verg, daarom kan die belangrikheid van vakleerling-opleiding nie genoeg beklemtoon word nie.

As gevolg van hierdie ondersoek is daar tot die volgende bevindinge gekom:-

1. Die volle aanbod van vakleerlinge wat die arbeidsmark betree is nog elke jaar geabsorbeer.
2. Die aanbod van vakleerlinge toon 'n konstante styging elke jaar oor die afgelope tien jaar.
3. Die aanvraag na vakleerlinge het veel skerper gestyg as die aanbod met die gevolg dat in al die sektore van die nywerheid daar nog tekorte bestaan van geskoolde ambagslui.
4. Daar behoort 'n beter ge-organiseerde en uniforme voorligtingsdiens en toetsing van vakleerlinge te wees, voordat hulle geplaas word, sodat die hoë druipsyfer, as gevolg van gebrekkige agtergrond-opleiding of gebrek aan aanleg, hierdeur uitgeskakel kan word.
5. Met die tegniese-opleiding van vakleerlinge by die Tegniese Kolleges en Institute is die groepvrystellingstelsel baie meer geslaagd as die dagvrystellingstelsel en het die slaagsyfer aansienlik verhoog.
6. 'n Beter voorsiening moet gemaak word vir die opleiding van uitstaande vakleerlinge om hoër te kan kwalifiseer, nadat die firma se verpligting, na verstryking van sy vakleerlingtydperk, beëindig is.
7. Indiensopleiding van die vakleerling by die werk het nog baie beperkinge as gevolg van die gebrek aan die nodige moderne uitrusting en apparaat en die regte leiding en voorbereiding vir hulle vaktoetse, vandaar so 'n hoë druipsyfer by die vaktoetsuitslae.
8. Baie wysiginge en veranderings is oor die afgelope tien jaar in al die verskillende nywerhede aangebring met betrekking tot die toelatingskwalifikasies, die leertermyne en leervoordes, die aanwysing van nuwe ambagte en die afskaffing van ander, kursusse- en eksamengelde en die lone van vakleerlinge.
9. Daar was gedurig 'n noue samewerking tussen die handel, nywerheid en onderwysinstansies vir deeglike en geskikte beplande kursusse in die



verskillende rigtings van vakleerlingopleiding om aan te pas by veranderde omstandighede.

10. Meer aandag moet gegee word aan die werwing van meerderjariges om as vakleerlinge opgelei te word om sodoende hulle aan te vul en die tekorte te verlig.
11. Die gewildste rigtings in die nywerheid, volgens die inskrywing van vakleerlinge, is die Metaal-Ingenieursbedrywe en die Motornywerheid.
12. Die tegniese-opleiding van die nie-blanke geniet die jongste tyd baie meer aandag maar besit nog nie die nodige stimulus nie, as gevolg van die afwesigheid van beroepsvooruitsigte. Met die beleid van nywerheidsdesentralisasie en die ontwikkeling van die grensnywerhede en die tuislande, sal die opleiding van die nie-blanke vakleerling daadwerklik verhoog en verskerp moet word.
13. Beroepsopleiding vir nie-blankes moet gekanaliseer word in daardie rigtings waar beroepsmoontlikhede en die grootste indiensneming vir hulle bestaan.
14. In die nywerheid het daar 'n verskuiwing van geskoolde arbeid plaasgevind van die primêre na die sekondêre en tersiêre sektore, met die blankes hoofsaaklik van die sekondêre na die tersiêre sektor en die nie-blankes van die primêre na die sekondêre sektor.

Die gevolgtrekking wat uit hierdie ondersoek gemaak kan word is dat soos die tegnologie ontwikkel en die Republiek se nywerheidswese groei, daar in die toekoms proporsioneel 'n groter aanvraag vir hoogsopgeleide vakmanne gaan wees. Die aanbod van vakleerlinge kan nog nie in die huidige vraag daarna voorsien nie, met die gevolg dat steeds groter tekorte aan geskoolde arbeid in toekoms ondervind kan word. Die enigste oplossing sal wees om deur 'n realistiese aanpassing van vakleerlingopleiding en ander voordele groter getalle te lok om in die dringendheid van die behoefte en in die vraag te kan voorsien, maar of ons mannekrag-posisie daartoe in staat sal wees bly 'n ope vraag.

- 
- (1) N.O.K. van .S.A. Bpk. - Sy rol in nywerheidsdesentralisasie in S.A. Bl.3.
  - (2) "Board for Decentralisation of Industry - Report on Activities 1 January to 31 December 1971 - Page 5."
  - (3) Do. - Page 10.
  - (4) Do. - Page 11.
  - (5) Do. 1 Jan. to 31 Dec.1972- Page 3.
  - (6) Do. 1 Jan. to 31 Dec.1973- Page 6.
  - (7) Brosjure van die Bantoe-beleggings Korporasie - Geleentheid vir Groei-Bl. 1
  - (8) Do. Bl. 2
  - (9) Do. Bl. 22
  - (10) X.O.K. - verslag van 11.11.74

Erkenning word ock met dank hiermee gegee aan die Departement van Nasionale Opvoeding, vir gegewens, informasie en inligting verkry uit verslae, omsendminute en kursusse.

---

BYLAAG I

Eksameninskrywings (Oos-Londense Tegniese Kollege)

Nl (Vroeër N.T.S. 1)	19								
	65	'66	'67	'68	'69	'70	'71	'72	'73
Boukonstruksie en Tekene	13	20	17	30	15	13	29	28	19
Elektrotegniek	18	21	20	14	21	23	18	-	-
Masjientekene (Tegniese Tekene)	78	93	46	66	65	103	103	65	80
Bouwetenskap	11	17	11	18	19	17	22	17	19
Ingenieurswetenskap (Toegepaste Wet)	37	41	19	50	58	110	87	68	73
Matesis (Wiskunde)	122	157	61	113	95	125	149	96	99
Timmer & Skrynwerk (Houtwerkersteorie)	11	13	7	16	12	10	16	15	15
Elektrisiëns (Elektro Vaksteorie)	17	20	21	14	15	15	18	15	18
Pas-, Draai- en Masjienwerk	40	55	22	23	25	16	26	15	20
Motorwerktuigkunde	17	26	8	22	13	25	22	19	23
Werkwinkelberekening (Ingenieurs)	105	115	42	63	59	38	-	-	-
Werkwinkelberekening (Algemeen)	11	23	12	17	16	-	-	-	-
Motor Elektriesewerk	16	14	-	-	3	2	2	3	1
Grofsmedery	-	1	-	-	1	-	-	-	-
Ketelmakery	5	6	-	9	6	2	-	-	-
Loodgietry	3	9	2	13	9	6	20	10	16
Sweiswerk	3	1	-	1	4	-	-	-	-
Skilder en Dekoreerwerk	5	4	2	3	3	-	2	2	5
Steenmesselwerk	4	2	-	4	6	7	-	-	10
Plaatmetaalwerk	4	2	-	6	1	8	4	10	6
Koelapparaatbediening	1	1	-	-	-	-	-	-	-
Meubelmakery	3	2	-	8	1	-	-	-	-
Telekommunikasie	2	4	-	-	-	-	-	-	-
Radiotrisiëns	-	-	-	-	1	-	-	-	-
Diesel Elektroteorie	-	-	-	-	-	-	11	7	11



BYLAAG 2

Eksameninskrywings (Oos-Londense Tegniese Kollege)

N2 (Voorheen N.T.S. II)	19 65	'66	'67	'68	'69	'70	'71	'72	'73
Toegepaste Werktuigkunde (Meganika) Ing.	26	36	38	51	50	59	117	114	105
Toegepaste Werktuigkunde (Meganika) Bouers	10	15	12	12	9	10	11	9	10
Boukonstruksie en Tekene	18	14	19	24	19	17	26	15	11
Timmer en Skrynwerk	7	18	11	13	9	23	4	9	7
Elektrisiëns (Elektro Vaktheorie)	26	30	23	47	24	25	38	35	36
Elektriese Konstruksie en Tekene	23	18	20	27	23	-	-	-	-
Elektrotegniek	19	18	19	25	23	17	15	-	-
Pas Draai- en Masjienwerk	32	49	39	61	46	35	29	27	26
Masjienkonstruksie en Tegniese Tekene	56	72	55	75	61	83	87	117	121
Wiskunde	106	126	95	130	114	115	145	133	128
Motorwerktuigkunde	30	28	24	21	45	30	47	25	24
Werkwinkelberekeninge (Ingenieurs)	84	89	85	87	51	36	-	-	-
Werkwinkelberekeninge (Algemeen)	32	14	11	13	10	8	-	-	-
Elektronika	4	3	-	8	14	-	-	8	1
Binnebrandmasjiene	18	14	-	-	-	-	-	-	-
Lyne	1	2	-	1	1	-	-	-	-
Skilder en Dekoreerwerk	2	3	1	2	5	5	2	-	-
Sanitasie	7	2	-	7	15	3	-	-	-
Plaatmetaalwerk	2	4	-	-	2	2	2	4	4
Telekommunikasie	5	-	-	-	-	-	8	9	5
Masjinale Houtbewerking	1	2	1	-	2	-	1	1	-
Meubelmakery	-	1	-	-	-	-	-	-	-
Sweiswerk	2	3	-	3	1	-	4	4	3
Radiotrisiëns	1	1	-	1	-	2	4	2	2
Motor Elektrieseteorie	4	5	1	-	9	4	5	1	7
Ketelmakery	7	4	3	5	6	-	-	-	-
Steenmesselwerk	2	3	1	2	-	1	4	1	1
Grofsmedery	1	-	-	-	-	2	2	-	-
Diesel Elektroteorie	-	-	-	-	-	-	29	21	15
Loodgietry	-	-	-	-	-	6	13	3	2
Spoorweginjaalteorie	-	-	-	-	-	-	20	14	5







BYLAAG 5

Eksameninskrywings (Oos-Londense Tegniese Kollege)

T2 (Voorheen G.T.S.II, toe N.T.S. V)	19 65	'66	'67	'68	'69	'70	'71	'72	'73
Argitektuurstekene	-	5	-	-	-	-	-	-	-
Opmeting	5	-	-	1	-	-	-	1	-
Boukonstruksie	6	2	-	4	2	1	5	1	3
Struktuurleer	1	-	-	-	1	1	6	7	1
Elektrotegniek	2	3	2	2	2	3	6	9	6
Elektronika	1	1	1	-	1	2	5	7	4
Ontw. en Voors. van Elektriese Energie	-	2	-	-	2	-	-	2	2
Hittewerktuie	-	-	1	-	1	-	2	1	1
Industriële Administrasie	3	5	2	6	8	-	4	8	13
Transmissie	2	1	-	-	-	-	7	1	2
Anorganiese Chemie	1	2	-	1	1	-	2	-	-
Organiese Chemie	1	1	-	-	-	-	1	-	-
Fisiese Chemie	1	-	-	-	-	-	1	-	-
Fisika	-	-	-	1	1	-	-	-	-
Masjienontwerp	2	8	3	14	2	20	31	18	13
Bou-spesifikasies	3	4	-	-	-	-	-	-	-
Telefonie	-	-	-	-	-	-	-	7	-
Sterkteleer	8	14	4	8	15	24	36	23	10
Hidrolika	-	-	-	1	-	-	-	-	-
Masjienleer	2	1	2	1	1	11	3	18	3
Werkplaas Organisasie & Bestuur	-	1	-	2	4	-	-	-	3
Teorie van Masjiene	-	2	6	-	-	-	7	2	-
Teorie van Strukture	-	2	5	-	-	-	-	-	-
Lyne	-	-	-	-	3	-	8	8	1
Wiskunde	16	16	6	25	21	19	45	33	21
Toegepaste Termodinamika	-	1	-	-	-	-	-	-	-
Bepanning en Kosteberekening	-	1	-	2	4	-	7	2	7
Toegepaste Meganika	-	-	-	-	-	-	-	-	6
Beginnels van Elektrisiteit	-	-	-	-	-	-	-	-	6
Ingenieurstekene	-	-	-	-	-	-	-	-	6
Tyd en Bewegingstudie	-	-	-	-	-	-	-	-	4
Nasionale Drukkerseksamens	-	16	-	-	-	15	-	-	-

- 73 -

Bylaag 6.(a) Slaagpersentasie van Vakleerlinge.Dept. van Nasionale Opvoeding.Alle groepe - voltyds, deeltys en korrespondensie.

		1972	1973	1974 } Apr. Aug.
N1	Geskryf.	3531	7630	4005
	Geslaag.	1285	2521	1791
	Slaagpersentasie.	36,4 %	33,0 %	44,7 %
N2	Geskryf.	3148	8771	5311
	Geslaag.	1079	3353	2135
	Slaagpersentasie	34,3 %	38,2 %	40,2 %
N3	Geskryf.	3070	7879	4951
	Geslaag.	666	2117	1347
	Slaagpersentasie.	21,7 %	26,9 %	27,2 %

(b) Slaagpersentasie van Vakleerlinge.Oos-Londense Tegnieke Kollege.Dag-vrystelling 1964 - 1966.Groep-vrystelling 1967 - 1973.

	1964	1965	1966	1967	1968	1969	1970	1971	1972	1973.
Inleidende Kursus.	38	36	30	70	51	62	5	42	31	15
N1. (N.T.S.I)	51	46	24	77	82	72	86	75	66	88
N2. (N.T.S.II)	45	53	23	74	92	82	75	71	82	71
N3. (N.T.S.III)	32	45	31	89	56	91	76	74	79	70
T1 (N.T.S.IV, E.T.S.I)	28	41	12	69	40	73	59	48	50	65
T2 (N.T.S.V, E.T.S.II)	50	34	18	6	58	38	57	58	50	83
Gemiddeld N1-T2.	41	44	22	63	65	71	70	65	65	75

BYLAAG 7

Vakleerlinge ingeskryf vir klasse by die Oos-Londense Tegnieese Kollege

	'64	'65	'66	'67	'68	'69	'70	'71	'72	'73
Inleidende Kursus	30	33	25	17	62	21	20	24	48	26
N1 (N.T.S.I)	138	130	154	82	115	72	71	75	79	88
N2 (N.T.S.II)	154	135	171	83	36	76	61	91	105	103
N3 (N.T.S.III)	68	50	55	27	45	55	42	47	63	79
T1 (N.T.S.IV, G.T.S.I)	39	44	73	13	20	26	27	27	34	81
T2 (N.T.S.V, G.T.S.II)	14	20	22	30	12	13	14	19	12	6
Totaal	443	412	500	252	290	263	235	283	341	383



## Bylaag 8.

Totaal kontrakte jaarliks geregistreer in die verskillende nywerhede ingevolge die Wet op Vakkeerlinge.

Jaar.	Bak en Banket	Bou.	Diamantslypery	Drukkers	Elektrisiteits-voorsiening	Ervaanmaal.	Haarkappers	Tuweliers en Goudsmede	Leer	Lugvaart en Lugruim.	Metaal-Ingeneers	Meubel.	Motor	Myne.	Ryhuigmakery	Springstowe en Verwante Nywerhede	Staatsondernemings	Steenkoolmyne	S. A. S.	Suikervervaardiging en Raffinerie	Tikmasjiene en Kantoor-toestelle.	Voedsel (Slagterye)	Totale
1963	2	554	13	351	42	4	721	14	5	5	1859	213	1271	549	-	29	128	14	715	16	63	43	6611
1964	3	881	56	377	62	4	703	23	-	4	1960	377	1280	580	-	39	41	22	752	34	56	25	7279
1965	1	1244	64	371	39	11	731	29	-	12	2700	344	1844	629	-	54	255	21	984	45	76	20	9474
1966	-	1424	258	702	65	9	818	30	-	18	2878	317	1802	666	-	33	147	7	2001	28	65	17	11285
1967	-	1292	172	438	52	8	877	24	-	14	2537	480	1769	561	-	23	301	20	1349	28	47	19	10011
1968	-	1186	94	430	58	9	687	29	-	10	2196	283	1553	455	-	32	233	50	1658	32	78	17	9090
1969	-	1391	37	535	63	7	612	24	-	3	2394	396	1706	535	-	24	252	3	1346	28	106	11	9473
1970	-	1810	180	600	50	2	466	21	-	39	2532	413	2180	717	-	28	248	25	1537	22	81	12	10963
1971	-	2014	106	619	69	9	410	22	-	242	2760	310	2194	595	-	23	237	40	1634	36	18	11	11340
1972	-	1926	84	540	94	1	340	24	-	269	2970	220	2358	561	-	28	162	28	1720	35	-	3	11363



BYLAAG 9

Opleidingsregisters van Ambagte.

Volledige opleidingsregisters van die volgende ambagte word in Aanhangsel No. 1 verskaf.

1. Motorwerktuigkundige
2. Dieselwerktuigkundige
3. Duikklop en Sduitverf
4. Motor- elektrisiën
5. Motor- masjineer en -paswerk
6. Elektrisiën
7. Ingenieurs-elektrisiën
8. Meulmaker
9. Pas- en draaiwerk
10. Radiotrisiën
11. Timmer- en skrynwerk
12. Meubelmaker
13. Messel- en pleisterwerk
14. Loodgieter
15. Sweiswerk
16. Vormwerk
17. Rytuigbouery
18. Dames Haarkappery

BYLAAG 10

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë (Grensgebied)

Inname van Vakleerlinge.

Jaar	Meganies	Elektries	Siviel	Totaal
1965	42	28	22	92
